2020

2020

Fakulteit
Regsgeleerdheid

Akademiese Programme en Fakulteitsinligting

JAARBOEK DEEL 8

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918·2018

Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis die Universiteit se Raad en Senaat aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

Deel	**Jaarboekdeel**
Deel 1	Algemeen
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde (Slegs in Engels beskikbaar)

Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die gedrukte weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by die Universiteit se Inligtingstoonbank in die Admin A-gebou.
- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.sun.ac.za/Jaarboek.
- Daar is Afrikaanse (Deel 1 tot 12) en Engelse kopieë beskikbaar.

Inhoudsopgawe

Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik 1

1. Waar om inligting te vind 1

1.1 Voornemende voorgraadse studente 1

1.2 Voornemende nagraadse studente 1

1.3 Geregistreerde voorgraadse studente 2

1.4 Geregistreerde nagraadse studente 3

Algemene Inligting 4

1. Die Fakulteit Regsgeleerdheid 4

1.1 Ontstaan en struktuur 4

1.2 Grade en diplomas wat die Fakulteit toeken 4

1.3 Baccalaureus-programme 4

1.4 Nagraadse diplomas, LLM- en LLD-programme 5

1.5 Studente-aktiwiteite in die Fakulteit 5

1.6 Regskliniek 5

2. Die Fakulteit se kontakbesonderhede 6

2.1 Posadres van die Fakulteit 6

2.2 Telefoonnommers vir die Fakulteit 6

2.3 Fakulteitswebblad 6

3. Kommunikasie met die Universiteit 6

3.1 Gebruik jou studentenommer 6

3.2 Die Universiteit se kontakbesonderhede 6

3.3 Posadresse van die Universiteit 7

3.4 Universiteitswebblad 7

4. Taal aan die Universiteit 7

5. Voorgraadse inskrywingsbestuur 7

5.1 Die Nasionale Normtoets 7

5.2 Keuringsbeleid: Voorgraadse programme 8

5.3 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum 8

6. Toelatingsvereistes vir alle programme 8

6.1 LLB (vierjaarprogram) 9

6.2 LLB (driejaarprogram, ná ’n gewone baccalaureusgraad) 9

6.3 LLB (tweejaarprogram, ná ’n BA (Regsgeleerdheid) of BCom (Regsgeleerdheid) van die US) 9

6.4 BRekLLB 9

6.5 BA (Regsgeleerdheid) 10

6.6 BCom (Regsgeleerdheid) 10
6.7 Nagraadse Diploma in Belastingreg 10
6.8 Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereg 11
6.9 Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering 11
6.10 LLM 12
6.11 LLD 12
7. Erkenning van vakke, modules of krediete elders verwerf 13
8. Aanvulling van modules of vakke by 'n ander universiteit 13
9. Reglement vir Dekaansvergunningseksamens (DVE's) 13
10. Vereistes vir hertoelating tot die volgende akademiese jaar 14
11. Pryse en beurse eie aan die Fakulteit 14
11.1 Pryse 14
11.2 Beurse 16
Voorgraadse Programme 18
1. Inligting van toepassing op alle voorgraadse programme 18
1.1 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum 18
1.2 Keuring 18
1.3 Algemene bepalings ten opsigte van modules 18
1.4 Navrae 18
2. Die vierjarige LLB-program 19
2.1 Toelatingsvereistes 19
2.2 Modules in die verskillende studiejare 19
3. Die driejarige LLB-program (as tweede graad) 22
3.1 Toelatingsvereistes 22
3.2 Modules in die verskillende studiejare 23
4. Die tweejarige LLB-program (as tweede graad) 25
4.1 Toelatingsvereistes 25
4.2 Modules in die verskillende studiejare 25
5. Die BRekLLB-program 28
5.1 Toelatingsvereistes 28
5.2 Modules in die verskillende studiejare 28
6. Die BA (Regsgeleerdheid)-program 29
6.1 Toelatingsvereistes 29
6.2 Modules in die verskillende studiejare 30
7. Die BCom (Regsgeleerdheid)-program 32
7.1 Toelatingsvereistes 32
7.2 Modules in die verskillende studiejare 32

Nagraadse Programme 34

1. Die Nagraadse Diploma in Belastingreg 34

1.1 Toelatingsvereistes 34

1.2 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum 34

1.3 Duur van program 34

1.4 Navrae 34

1.5 Programinhoud (120 krediete) 34

2. Die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereg 35

2.1 Toelatingsvereistes 35

2.2 Aansoekprosedure 35

2.3 Duur van program 35

2.4 Navrae 35

2.5 Programinhoud (120 krediete) 36

3. Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering 36

3.1 Toelatingsvereistes 36

3.2 Aansoekprosedure 36

3.3 Duur van program 37

3.4 Navrae 37

3.5 Programinhoud (120 krediete) 37

4. Die LLM-program 37

4.1 Toelatingsvereistes vir LLM-studie 37

4.2 Keuring 38

4.3 Navrae 38

4.4 Navorsingsopsie 38

4.5 Gestruktureerde LLM-opsies 39

5. Die LLD-program 43

5.1 Toelatingsvereistes 43

5.2 Aansoekprosedure 44

5.3 Duur van program en voortgesette registrasie 44

5.4 Vereistes vir verwerwing 46

5.5 Spesifikasies vir die proefskrif 46

5.6 Navrae 46

Vakke, Modules en Module-inhoude 47

1. Definisies en verduideliking van belangrike terme 47

2. Assessering van modules 48

3. Slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules 49

3.1 Voorwaarde vir die toekenning van ’n kwalifikasie of graad 49

4. Voorgraadse vakke, modules en module-inhoude 49

4.1 Departement Handelsreg 49

4.2 Departement Privaatreg 53

4.3 Departement Publiekreg 58

5. Nagraadse vakke, modules en module-inhoude 63

5.1 Nagraadse Diploma in Belastingreg 63

5.2 Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereg 64

5.3 Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering 66

5.4 LLM-programme 67

5.4.1 Departement Handelsreg 67

5.4.2 Departement Privaatreg 74

5.4.3 Departement Publiekreg 76

Slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes vir voorgraadse programme ... 78

Alfabetiese Lys van Voor- en Nagraadse Vakke 80

Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

Hierdie afdeling gee vir jou riglyne oor waar om bepaalde inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie Jaarboekdeel te vind. Raadpleeg die inhoudsopgawe vir die bladsynommers van die hoofstukke waarna hieronder verwys word.

1. Waar om inligting te vind

1.1 Voornemende voorgraadse studente

- Die Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit, wat 'n verduideliking van die begrip "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Taal aan die Universiteit;
  - Die graadprogramme wat jy in die Fakulteit kan volg en kwalifikasies wat jy kan verwerf asook belangrike eksamenbepalings wat van toepassing is op programme en modules; en
  - Pryse en beurse wat aan regstudente toegeken kan word.
- Die Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme; en
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.
- Die Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word; en
  - Definisies van slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules.
- 'n Alfabetiese lys van die regsvakke in al die programme van die Fakulteit verskyn agter in hierdie Jaarboekdeel.

1.2 Voornemende nagraadse studente

- Die Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit, wat 'n verduideliking van die begrip "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Taal aan die Universiteit; en
  - Pryse en beurse wat aan regstudente toegeken kan word.
- Die Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;

- Spesifieke sluitingsdatums vir aansoeke, en ander relevante inligting, byvoorbeeld keuring vir toelating;
- Die duur en aanvang van programme;
- Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing; en
- Die inlewering van 'n tesis, proefskrif of navorsingswerkstuk.

- Die Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van die syfers en afkortings wat by die beskrywing van modules gebruik word.
- 'n Alfabetiese lys van die regsvakke in al die programme van die Fakulteit verskyn agter in hierdie Jaarboekdeel.

1.3 Geregistreerde voorgraadse studente

- Die Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Taal aan die Universiteit;
  - Pryse en beurse wat aan regstudente toegeken kan word;
  - Die toestaan van Dekaansvergunningseksamens aan finalejaarstudente; en
  - Hertoelating tot die volgende akademiese jaar.
- Die Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme;
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing; en
  - Ander relevante sake soos die neem van ekstra modules of modules uit die volgende jaar.
- Die Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word;
  - Die afkortings en definisies wat vir die doseerlading van individuele modules gebruik word;
  - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die doseerlading daarvan is;
  - Definisies van slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules, asook 'n aanduiding by die individuele modules watter van hierdie vereistes daarvoor geld, indien enige; en
  - Die wyse waarop individuele modules geassesseer word, veral waar 'n module buigsaam geassesseer word.
- 'n Alfabetiese lys van die regsvakke in al die programme van die Fakulteit verskyn agter in hierdie Jaarboekdeel.

1.4 Geregistreerde nagraadse studente

- Die Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede;
  - Die neem van modules en vakke by ŉ ander universiteit; en
  - Pryse en beurse wat aan regstudente toegeken kan word.
- Die Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
  - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing;
  - Die inlewering van ŉ tesis, navorsingswerkstuk of proefskrif waar van toepassing; en
  - Toegelate jare van studie en herregistrasie.
- ŉ Alfabetiese lys van die regsvakke in al die programme van die Fakulteit verskyn agter in hierdie Jaarboekdeel.

Algemene Inligting

1. Die Fakulteit Regsgeleerdheid

1.1 Ontstaan en struktuur

Die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit Stellenbosch (US) het in 1921 tot stand gekom en is gevestig in die historiese Ou Hoofgebou op die hoek van Victoria- en Ryneveldstraat.

Die Fakulteit bestaan uit drie departemente, die Departement Handelsreg, die Departement Publiekreg en die Departement Privaatreg, asook die Regskliniek.

Die uitgebreide regsbiblioteek beslaan 'n groot gedeelte van die boonste verdieping van die Universiteit Stellenbosch Biblioteek.

1.2 Grade en diplomas wat die Fakulteit toeken

Legum Baccalaureus (LLB)

Legum Magister (LLM)

Legum Doctor (LLD)

Nagraadse Diploma in Belastingreg (NDBR)

Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereg (NDIGR)

Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering (NDSVBR)

1.3 Baccalaureus-programme

Om in die regsberoep te praktiseer, benodig jy 'n LLB-kwalifikasie, maar hierdie kwalifikasie bied ook talle ander beroepsmoontlikhede. Verskillende studieroetes kan gevolg word om 'n LLB-kwalifikasie te verwerf.

a) **LLB (4 jaar):** Hierdie program word sedert 1998 aangebied en vorm die basiese regsprogram van die Fakulteit.

b) **BRekLLB**: Die BRekLLB-program word vanaf 2001 gesamentlik deur die Fakulteite Regsgeleerdheid en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied. 'n Gewysigde program word sedert 2004 aangebied. Die BRekLLB bied aan jou die geleentheid om die twee grade BRek en LLB as 'n enkele gekombineerde kwalifikasie binne 'n minimum tydperk van vyf jaar te behaal. Die US is die enigste universiteit waar jy hierdie program kan volg.

c) **BA (Regsgeleerdheid) en BCom (Regsgeleerdheid)** gevolg deur die **LLB (2 jaar)**: Die BA (Regsgeleerdheid)- en BCom (Regsgeleerdheid)-programme word onderskeidelik deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied. Hierdie twee programme skakel in by die kurrikulum van die vierjarige LLB-program deurdat jy 'n aantal regsvakke uit die LLB-program volg saam met vakke uit die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe of Ekonomiese Bestuurswetenskappe.

   Na verwerwing van die graad BA (Regsgeleerdheid) of BCom (Regsgeleerdheid) aan die US, kan jy aansluit by die tweejarige LLB-program en sodoende die laaste twee jaar

van die LLB-program voltooi om ŉ LLB-graad ook te verwerf.

d) **LLB (3 jaar)**: Hierdie program kan as ŉ tweede baccalaureusgraad gevolg word nadat jy reeds enige ander baccalaureusgraad behaal het. Die driejarige LLB-program word sedert 1999 aangebied en is gebaseer op die kurrikulum van die vierjarige LLB-graad.

1.4 Nagraadse diplomas, LLM- en LLD-programme

a) Die Nagraadse Diploma in Belastingreg word sedert 1999 aangebied. Dit neem twee jaar om te voltooi.

b) Die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereg word sedert 2013 aangebied en is die enigste van sy soort. Dit neem een jaar om te voltooi.

c) Die Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering sal vir die eerste keer in 2020 aangebied word en is die enigste van sy soort in Afrika. Dit neem een jaar om te voltooi.

d) Die LLM-graad word toegeken op grond van die suksesvolle voltooiing van ŉ navorsingstesis of ŉ gestruktureerde program. Die eerste LLM-graad op grond van ŉ navorsingstesis is in 1976 toegeken en die gestruktureerde LLM program word sedert 1994 aangebied.

e) Die LLD is die mees gevorderde graad wat deur die Fakulteit aangebied word.

1.5 Studente-aktiwiteite in die Fakulteit

Juridiese Vereniging

Die Juridiese Vereniging organiseer ŉ groot verskeidenheid van akademiese en sosiale aktiwiteite (o.a. besoekende dosente, gassprekers en skynhowe) en verteenwoordig die regstudente in die skakelkomitee met die dosente.

Responsa Meridiana

Dit is ŉ jaarlikse regstydskrif met slegs studentebydraes, uitgegee in samewerking met die regstudente van die Universiteit van Kaapstad. ŉ Prys word toegeken vir ŉ uitmuntende bydrae.

1.6 Regskliniek

Die Regskliniek verskaf gratis regshulp aan behoeftige persone in die Stellenbosch-omgewing. Jy kan as regstudent op ŉ georganiseerde basis gedurende jou finale jaar van studie hieraan meedoen.

2. Die Fakulteit se kontakbesonderhede

2.1 Posadres van die Fakulteit

Rig spesifieke navrae oor die Fakulteit aan die volgende adres:

Die Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid
Universiteit Stellenbosch
Ou Hoofgebou
Privaat Sak X1
MATIELAND
7602

2.2 Telefoonnommers vir die Fakulteit

Vir algemene navrae oor aansoeke en dies meer kan jy die Universiteit se Kontak- en Kliëntedienssentrum op die Stellenboschkampus nader. Hulle besonderhede word hieronder by "Kommunikasie met die Universiteit" verstrek. Die Fakulteit kan direk gekontak word by die nommers in die tabel hieronder. Spesifieke navrae oor aansoeke, keuring of programme kan aan die Fakulteitsadministrateur gerig word.

	Telefoonnommer	**Faksnommer**	**E-posadres**
Die Dekaan: Sekretaresse	021 808 4853	021 886 6235	yolandi@sun.ac.za
Fakulteitsbestuurder	021 808 3780	021 886 6235	karinwiss@sun.ac.za
Fakulteitsadministrateur	021 808 9111	021 808 3822	shirle@sun.ac.za
Departement Handelsreg	021 808 3561	021 886 6235	eferrier@sun.ac.za
Departement Privaatreg	021 808 3184	021 886 6235	sarnolds@sun.ac.za
Departement Publiekreg	021 808 3195	021 886 6235	elrikawhite@sun.ac.za

2.3 Fakulteitswebblad

www.sun.ac.za/law

3. Kommunikasie met die Universiteit

3.1 Gebruik jou studentenommer

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit Stellenbosch te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n studentenommer toe.
- Die studentenommer is jou unieke identifikasie om toekomstige kommunikasie met die Universiteit te vergemaklik.
- Gebruik jou studentenommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

3.2 Die Universiteit se kontakbesonderhede

- Telefoon: 021 808 9111
- Faks: 021 808 3822
- E-pos: info@sun.ac.za

3.3 Posadresse van die Universiteit

- Navrae oor akademiese aangeleenthede, soos studie-aangeleenthede, beurse en lenings, asook oor koshuisplasings, kan jy stuur aan:

  Die Registrateur
  Universiteit Stellenbosch
  Privaat Sak X1
  MATIELAND
  7602

- Navrae oor finansiële en dienste-aangeleenthede, insluitend diensaspekte van koshuise, kan jy stuur aan:

  Die Uitvoerende Bedryfshoof
  Universiteit Stellenbosch
  Privaat Sak X1
  MATIELAND
  7602

3.4 Universiteitswebblad

- www.sun.ac.za

4. Taal aan die Universiteit

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in ’n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personeellede. Meertaligheid word as ’n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Pedagogies verantwoordbare onderrig en leer word deur middel van Afrikaans en Engels gefasiliteer.

Meer inligting oor taal aan die US is beskikbaar op die webwerf www.sun.ac.za/taal.

5. Voorgraadse inskrywingsbestuur

Die beskikbare plekke aan die Universiteit is beperk en die Universiteit bestuur inskrywings strategies en doelgerig, daarom sal daar voornemende studente wees wat vir voorgraadse studie aansoek doen en aan die minimum toelatingsvereistes van ’n betrokke program voldoen, maar nie toegelaat word nie.

Hieronder kan jy meer oor die keuringsprosedures en toelatingsvereistes vir voorgraadse programme te wete kom, asook op www.maties.com en op die Fakulteit se webblad by www.sun.ac.za/law.

5.1 Die Nasionale Normtoets

Sedert 2013 moet alle studente wat aan die US wil studeer, die Nasionale Normtoets (NNT) (of in Engels *the National Benchmark Test* of *NBT*) skryf. Die toetse kan landwyd by verskeie sentra afgelê word en moet **voor 30 Junie** geskryf word. Raadpleeg die NBT-webblad (www.nbt.ac.za) of die US se webblad (www.maties.com) vir meer inligting hieroor.

Die uitslae van die Nasionale Normtoetse kan deur die Universiteit vir die volgende doeleindes gebruik word (besonderhede is beskikbaar by www.maties.com):

- om besluite oor die plasing van studente in verlengde graadprogramme te ondersteun,
- vir keuring en
- vir kurrikulumontwikkeling.

Let wel:

As jy wil aansoek doen om toegelaat te word tot die LLB- of BA (Regsgeleerdheid)-program, moet jy die AQL-toets (Akademiese Geletterdheid en Kwantitatiewe Geletterdheid) skryf. As jy vir die BRekLLB- of BCom (Regsgeleerdheid)-program wil aansoek doen, moet jy die AQL-toets sowel as die MAT-toets (Wiskunde) skryf.

5.2 Keuringsbeleid: Voorgraadse programme

Sedert 2004 keur die Fakulteit Regsgeleerdheid studente wat voorgraadse programme wil volg. Die rede hiervoor is dat die aantal plekke vir nuweling-eerstejaarstudente in die volgende programme, beperk is:

- vierjarige LLB
- BA (Regsgeleerdheid)
- BCom (Regsgeleerdheid)
- BRekLLB

Indien jy wil aansoek doen om gekeur te word, is jy verplig om die Nasionale Normtoets af te lê (kyk “Die Nasionale Normtoets” hierbo vir meer inligting). Die uitslae van die Nasionale Normtoets sal saam met die skoolresultate in die verhouding 20:80 gebruik word om al die aansoeke in ’n akademiese rangorde te plaas. Ons maak in elke program ook voorsiening vir die toelating van studente uit die onderverteenwoordigde groepe volgens die Universiteit se diversiteitsbeleid.

Benewens die Nasionale Normtoets wat jy moet skryf, moet jy ook steeds voldoen aan die toelatingsvereistes soos hieronder uiteengesit in “Toelatingsvereistes vir alle programme”.

5.3 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Aansoeke vir ’n betrokke jaar sluit op **30 Junie** van die vorige jaar. Jy kan elektronies aansoek doen deur www.maties.com. Jy moet die Nasionale Normtoets voor die sluitingsdatum vir aansoeke aflê.

6. Toelatingsvereistes vir alle programme

Die afkorting “LLB” staan vir *legum baccalaureus* (’n eerste graad in die regte). Alle LLB-grade is dus in hierdie opsig voorgraadse kwalifikasies en ons kan hulle almal saam groepeer soos hierbo gedoen onder “Baccalaureus-programme”. Alhoewel die twee- en driejarige LLB-kwalifikasies tweede B-grade is wat jy slegs kan verwerf nadat jy reeds ’n ander B-graad verwerf het, tel hulle steeds as voorgraadse kwalifikasies.

Die toelatingsvereistes vir elke program word in die hoofstuk “Voorgraadse Programme” en “Nagraadse Programme” herhaal. Kyk onder die opskrif van die betrokke program.

6.1 LLB (vierjaarprogram)

Hierdie program is 'n keuringsprogram en slegs 'n beperkte aantal studente sal toegelaat word. Aansoeke sluit **30 Junie**. Kyk "Voorgraadse inskrywingsbestuur" hierbo vir verdere besonderhede.

Die toelatingsvereistes vir die program is soos volg:

- 'n Gemiddelde persentasie van 70% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*
  Engels (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*
  Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%); *of*
  Engels (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%).

Toelating tot spesifieke modules in die vierjarige LLB-program

- Indien jy Ekonomie as keusevak wil neem, moet jy Wiskunde met minstens 'n 5 (60%–69%) slaag.
- Maak seker dat jy ook weet wat die toelatingsvereistes is vir die modules (bv. 'n taal) wat jy in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wil volg.

6.2 LLB (driejaarprogram, ná **'n gewone** baccalaureusgraad)

Hierdie program is 'n keuringsprogram en slegs 'n beperkte aantal studente sal toegelaat word. Aansoeke sluit **31 Julie**.

Om toegelaat te word tot die program benodig jy:

- Normaalweg 'n baccalaureusgraad van 'n Suid-Afrikaanse universiteit waarin 'n gemiddelde van 60% vir die finale jaar behaal is.

6.3 LLB (tweejaarprogram, **ná 'n BA (Regsgeleerdheid) of BCom** (Regsgeleerdheid) van die US)

Om toegelaat te word tot die program benodig jy:

- 'n Voorafgaande BA (Regsgeleerdheid)- of BCom (Regsgeleerdheid)-graad van die Universiteit Stellenbosch.

6.4 BRekLLB

Hierdie program is 'n keuringsprogram en slegs 'n beperkte aantal studente sal toegelaat word. Selfs al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes, is jou toelating nie outomaties gewaarborg nie. Aansoeke sluit **30 Junie**. Kyk "Voorgraadse inskrywingsbestuur" hierbo vir verdere besonderhede.

Die toelatingsvereistes vir die BRekLLB is soos volg:

- 'n Gemiddelde persentasie van 80% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*
  Engels (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*

Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%); *of*
Engels (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%).

- Wiskunde minstens 'n 6 (70%–79%); *of*
  Wiskunde minstens 'n 5 (60%–69%) en Rekeningkunde minstens 'n 6 (70%–79%).

6.5 BA (Regsgeleerdheid)

Hierdie program is 'n keuringsprogram en slegs 'n beperkte aantal studente sal toegelaat word. Aansoeke sluit **30 Junie**. Kyk "Voorgraadse inskrywingsbestuur" hierbo vir meer inligting.

Die toelatingsvereistes vir die program is soos volg:

- 'n Gemiddelde persentasie van 70% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) *of* Engels (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%).
- Eerste Addisionele Taal minstens 'n 3 (40%–49%).

Toelating tot spesifieke modules in die BA (Regsgeleerheid)-program

- Indien jy Ekonomie as 'n keusevak wil neem, moet jy Wiskunde met minstens 'n 5 (60%–69%) slaag.
- Maak seker dat jy ook weet wat die toelatingsvereistes is vir die modules (bv. 'n taal) wat jy in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wil volg.

6.6 BCom (Regsgeleerdheid)

Hierdie program is 'n keuringsprogram en slegs 'n beperkte aantal studente sal toegelaat word. Aansoeke sluit **30 Junie**. Kyk "Voorgraadse inskrywingsbestuur" hierbo vir meer inligting.

Die toelatingsvereistes vir die program is soos volg:

- 'n Gemiddelde persentasie van 70% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*
  Engels (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*
  Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%); *of*
  Engels (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%).
- Wiskunde minstens 'n 5 (60%–69%).

6.7 Nagraadse Diploma in Belastingreg

Jy kan aansoek doen vir die Nagraadse Diploma in Belastingreg indien jy:

- 'n LLB-graad van die Universiteit het; *of*
- 'n BCom- of BRek-graad van die Universiteit het; *of*
- 'n gegradueerde is van enige ander universiteit wat ingevolge artikel 65B van die Wet op Hoër Onderwys, No 101 van 1997, toegelaat is tot die status van 'n LLB, BProc, BCom of BRek van die betrokke universiteit; *of*
- toegelaat is om in enige provinsie van die Republiek van Suid-Afrika of Namibië as prokureur te praktiseer; *of*

- as rekenmeester geregistreer is by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, of as geoktrooieerde rekenmeester geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters; *of*
- oor enige ander akademiese of professionele kwalifikasie beskik wat die Senaat as voldoende vir toelating ag.

Nuwe aansoeke word elke twee jaar oorweeg en die volgende inname is in 2020.

6.8 Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedererereg

Hierdie is 'n keuringsprogram en bo en behalwe die voorgeskrewe toelatingsvereistes wat geld, sal slegs 'n beperkte aantal studente toegelaat word.

Jy kan aansoek doen om tot die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedererereg toegelaat te word indien jy:

- 'n BSc-, BCom-, BIng- of LLB-kwalifikasie het of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, *of*
- deur die Senaat as voldoende gekwalifiseerd vir toelating beskou word in terme van die Universiteit se AEVL (Assessering en Erkenning van Vorige Leer)-beleid op grond van werksondervinding of enige ander blootstelling aan die veld van Intellektuele Goedererereg; *en*
- as 'n verdere vereiste, saam met een van bogenoemde, 'n bevredigende keuringsopstel voltooi het.

Internasionale studente

Indien jy 'n internasionale student is wat vir toelating tot die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedererereg aansoek doen, moet jy ook bewys lewer van jou huidige Engelsvaardigheid. Jy kan dit doen deur 'n opstel te skryf of met jou IELTS- of TOEFL-uitslae. Hierdie vereiste geld nie as Engels jou huistaal is of as jy jou vorige graad of kwalifikasie in Engels voltooi het nie.

6.9 Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering

Die Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering is 'n keuringsprogram en bo en behalwe die voorgeskrewe toelatingsvereistes wat geld, sal slegs 'n beperkte aantal studente toegelaat word.

Jy kan aansoek doen om tot die Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering toegelaat te word, indien jy:

- 'n baccalaureusgraad in enige vakgebied met 'n minimum gemiddeld van 60% in die finale jaar van die voorgraadse program, of enige nagraadse graad met 'n minimum gemiddeld van 60% in die finale jaar van die nagraadse program, behaal het;
- beskik oor ondervinding in staatsverkryging of voorsieningskettingbestuur; en
- 'n aanlyn kortkursus in inleiding tot staatsverkrygingsreg suksesvol voltooi het.

Internasionale studente

Indien jy 'n internasionale student is wat vir toelating tot die Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering aansoek doen, moet jy ook bewys lewer van jou huidige Engelsvaardigheid. Jy kan dit doen deur 'n opstel te skryf, of met jou IELTS- of TOEFL-uitslae.

Hierdie vereiste geld nie as Engels jou huistaal is of as jy jou vorige graad of kwalifikasie in Engels voltooi het nie.

6.10 LLM

Jy kan aansoek doen om tot die LLM-program toegelaat te word indien jy:

- die LLB-graad van hierdie Universiteit *of* 'n ander baccalaureusgraad in die Regsgeleerdheid (uitgesluit die BIuris-graad) verwerf het *en* 'n gemiddelde persentasie van minstens 60% in die finale jaar van die graad behaal het, *of*
- 'n vergelykbare prestasie in 'n ander (byvoorbeeld buitelandse) kwalifikasie behaal het, *of*
- op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in die Regsgeleerdheid bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.

Internasionale studente

Indien jy 'n internasionale student is wat vir toelating tot die gestruktureerde LLM-program aansoek doen, moet jy bewys lewer van jou huidige Engelsvaardigheid (byvoorbeeld met jou IELTS- of TOEFL-uitslae). Hierdie vereiste geld nie as Engels jou huistaal is of as jy jou vorige graad in Engels voltooi het nie.

6.11 LLD

Jy moet oor die volgende beskik om aansoek te doen om 'n doktorsgraadprogram in die Regsgeleerdheid te volg. Die Senaat oorweeg elke aansoek op meriete.

- 'n LLM-graad, *of*
- 'n LLB-graad van die Universiteit of 'n ander gelykwaardige baccalaureusgraad in die Regsgeleerdheid (uitgesonderd die BProc- en BIuris-graad) wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het en toepaslike akademiese of professionele ondervinding, *of*
- 'n standaard van bekwaamheid in die Regsgeleerdheid wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.

Bykomende vereistes om aansoek te doen om 'n doktorsgraadprogram in die Regsgeleerdheid te volg

- Jy moet toon dat jy voldoende potensiaal het om 'n sukses te maak van doktorale studies.
    - Hiervoor moet jy die finale jaar van die LLM (of waar van toepassing die LLB of ander gelykwaardige baccalaureusgraad in die Regsgeleerdheid) met 'n gemiddelde van ten minste 65% (of die internasionale ekwivalent) slaag; *of*
    - Jy mag 'n aanbeveling van 'n moontlike promotor aanvra en verkry om vrystelling van die minimum punt van 65%. Vir so 'n versoek om oorweeg te word, moet jy 'n oorsig van die voorgenome studie in nie meer as 600 woorde nie inlewer, asook 'n voorbeeld van vorige navorsing van ongeveer 2000 woorde. Jou potensiële promotor moet bevestig dat hy of sy die kapasiteit het om die funksie van promotor te verrig.

7. Erkenning van vakke, modules of krediete elders verwerf

Krediete wat by 'n ander instelling voltooi is, kan vir enige van die LLB-programme (die tweejarige nagraadse LLB-program uitgesluit) erken word. Die volgende voorwaardes geld:

- 'n Maksimum van 148 krediete kan erken word.
- Krediete moet relevant en op die toepaslike vlak wees.
- Die volle voorfinale en finale jaar van die betrokke program moet aan die Universiteit Stellenbosch gevolg word.

8. Aanvulling van modules of vakke by 'n ander universiteit

Jy mag 'n maksimum van 48 voorfinale- en/of finalejaarskrediete van enige van die LLB-programme met spesiale toestemming van die Fakulteit by 'n ander universiteit volg. Let op die volgende voorwaardes:

- Die krediete moet relevant en op die toepaslike vlak wees.
- Behalwe in die geval van keusemodules, moes jy normaalweg reeds die betrokke module(s) by die Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit Stellenbosch, gevolg het en dit na aflegging van 'n eksamen gesak het.
- Indien krediete wat jy elders verwerf het, reeds erken is en jy dan aan die einde van die betrokke program 'n module elders wil aanvul, mag die krediete wat van elders erken word, nooit meer as 148 krediete wees nie.

9. Reglement vir Dekaansvergunningseksamens (DVE's)

9.1 'n Finalejaarstudent wat, nadat alle eksamens afgelê is en alle prestasiepunte beskikbaar is, minder as 33 krediete ter verwerwing van sy graad (wat na aflê van 'n eksamen gesak is) kort ten einde 'n graad te verwerf, kan – onderhewig aan die bepalings van paragraaf 9.2 hieronder – as vergunning deur die Dekaan, in konsultasie met die betrokke akademiese departement, tot 'n DVE toegelaat word.

9.2 Waar 'n student reeds na die eerste eksamengeleentheid (Mei/Junie of Oktober/ November) vir 'n DVE in 'n eksamenmodule kwalifiseer, sal sodanige DVE gedurende die tweede eksamengeleentheid (Junie of November/Desember) afgelê word. Die fakulteitsekretaris sal die betrokke departement/e dienooreenkomstig in kennis stel, maar dit bly die betrokke student se verantwoordelikheid om homself as 'n DVE-kandidaat te identifiseer en die nodige klaring te kry om by die tweede geleentheid aan te meld. Indien die student weer die module sak, sal geen verdere DVE toegestaan word nie.

9.3 Waar 'n student egter eers na die tweede eksamengeleentheid (Junie of November/ Desember) tot 'n DVE toegelaat word, sal sodanige DVE op 'n vasgestelde tyd voor die aanvang van lesings in Februarie die volgende jaar afgelê word.

9.4 Ten opsigte van paragraaf 9.3 hierbo, sal fakulteitsekretarisse die studente identifiseer en die name via die dekaanskantoor aan die departemente verskaf. Die onus rus op studente wat vir 'n dekaansvergunningseksamen mag kwalifiseer om betyds met die fakulteit-sekretaris te skakel oor moontlike toelating tot die dekaansvergunningseksamen. Toegelate studente moet hulself aanmeld vir die eksamen, wat departementeel afgeneem word.

9.5 DVE's in modules wat van buigsame assessering gebruik maak, sal op dieselfde tydstip vermeld in paragraaf 9.3 hierbo, afgelê word, ingevolge die prosedures neergelê in paragraaf 9.4 hierbo.

9.6 Studente aan wie 'n DVE toegestaan word, moet hulle van die tyd en plek van die betrokke DVE vergewis en daar aanmeld.

9.7 Dekaansvergunningseksamens word slegs met die goedkeuring van die Dekaan toegestaan. Departemente moet onder geen omstandighede self dekaansvergunningseksamens aan studente toestaan nie. Geen dosent kan 'n onderneming aan 'n student hieroor gee nie.

10. Vereistes vir hertoelating tot die volgende akademiese jaar

Indien jy vir een van die volgende programme geregistreer is (ongeag jou jaargang), moet jy 0,5 HEMIS-krediete verwerf om outomaties hertoegelaat te word vir die volgende akademiese jaar:

- vierjarige LLB
- driejarige LLB
- tweejarige LLB
- BRekLLB
- BCom (Regsgeleerdheid)
- BA (Regsgeleerdheid)

Indien jy jou studies onderbreek het, kan jy op grond van 'n gemotiveerde aansoek met die toestemming van die Fakulteitsraad toegelaat word om jou studies voort te sit. Faktore wat by hertoelating 'n rol mag speel, sluit die volgende in: jou studierekord, ander relevante aspekte rakende jou algemene rekord as student en/of die tydperk van onderbreking van jou studie. Aansoeke sluit op **30 Augustus** van 'n betrokke jaar.

11. Pryse en beurse eie aan die Fakulteit

Hierdie lys bevat slegs pryse en beurse wat eie aan die Fakulteit Regsgeleerdheid is. Vir besonderhede oor ander pryse en beurse waarvoor jy as regstudent ook in aanmerking mag kom, raadpleeg Deel 2 van die Jaarboek.

Let wel:

Pryse en beurse word toegeken uit fondse wat jaarliks deur buite-instansies na eie goeddunke beskikbaar gestel word. Dit kan dus gebeur dat bepaalde pryse en beurse nie in 'n betrokke jaar toegeken word nie.

11.1 Pryse

Professor Andreas van Wyk-prys

Die prys word jaarliks toegeken deur Professor Andreas van Wyk vir die beste prestasie in Maatskappyereg (Handelsreg 471).

Anton Mostert Leerstoel in Intellektuele Goedererereg-prys

Die prys word jaarliks toegeken vir die beste prestasie in Intellektuele Goedererereg 441. Die Anton Mostert Leerstoel in Intellektuele Goedere stel die fondse beskikbaar.

Brits en Pretorius-prys

Die prys word jaarliks deur die Piketbergse prokureursfirma Brits en Pretorius toegeken aan die student wat die beste prestasie in Strafreg 451 behaal.

Cliffe Dekker Hofmeyr-medalje

'n Goue medalje word jaarliks toegeken aan die beste tweedejaar-LLB-student. Die prokureursfirma Cliffe Dekker Hofmeyr skenk die medalje.

Glynn Marais-pryse

'n Prys word jaarliks deur die prokureursfirma Glynn Marais vir die beste student in Handelsreg 443 en vir die beste student in Belastingreg 411 beskikbaar gestel.

Hübner-prys

'n Prys word jaarliks uit 'n skenking van mnr AGJ Hübner toegeken vir die beste prestasie in Privaatreg 272 en 273.

JC de Wet-prys

'n Prys word jaarliks toegeken vir die beste prestasie in Kontraktereg (Privaatreg 372) uit fondse beskikbaar gestel deur oudstudente van professor JC de Wet.

Juta-boekprys

'n Boekprys word jaarliks toegeken vir die beste prestasie in Strafreg 171 uit fondse beskikbaar gestel deur die regsboekuitgewer Juta & Kie Bpk.

LexisNexis-boekprys

'n Boekprys word jaarliks toegeken vir die beste prestasie in Regsfilosofie 341 uit fondse beskikbaar gestel deur die regsboekuitgewer LexisNexis.

Phatsoane Henney Ing.-medalje

'n Goue medalje word jaarliks toegeken aan alle LLB-finalejaarstudente wat hul graad *cum laude* verwerf.

SASLAW-prys

'n Prys word toegeken vir die beste prestasie in Handelsreg 441 (Arbeidsreg).

Servaas Hofmeyr-gedenkprys

Hierdie prys word jaarliks toegeken ter nagedagtenis aan mnr Servaas Hofmeyr, aan die LLB-student wat volgens die oordeel van die Dekaan die verdienstelikste is. Die prys kom uit 'n skenking wat mnr Hofmeyr aan die Regsfakulteit gemaak het.

Spoor & Fisher-prys

Die prys word toegeken aan die student wat die tweede beste prestasie in Intellektuele Goedereg 441 behaal.

Sylvian Meneses-gedenkprys

Hierdie prys word jaarliks toegeken aan 'n uitstaande vrouestudent in die voorfinalejaar-LLB-klas. Die prys kom uit skenkings ter nagedagtenis aan wyle mej Sylvian Meneses (LLB, 1977).

Werksmans-prys

Hierdie prys word jaarliks toegeken aan die beste LLB student.

11.2 Beurse

Amicus-fonds-beurse

Die Amicus-fonds is gestig deur oud-studente van die Fakulteit. Die fonds ken jaarliks beurse toe aan behoeftige regstudente vir hul tweede en verdere jare van voorgraadse regstudie en vir nagraadse LLB-studie. Studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe kry voorkeur.

Advertensies vir die beurse verskyn jaarliks in September. Dien jou aansoekvorm by die Dekaan se kantoor in.

Appèlregter FW Beyers-beurs

Een beurs word jaarliks vir een jaar toegeken op grond van uitmuntende prestasie in die eerste jaar van BA (Regsgeleerdheid) of BCom (Regsgeleerdheid). Die beurs kom uit die nalatenskap van wyle appèlregter FW Beyers.

Cliffe Dekker Hofmeyr-beurs

Die prokureursfirma Cliffe Dekker Hofmeyr ken jaarliks ŉ beurs toe aan ŉ belowende LLB III-student. Die beurs word toegeken op grond van meriete en behoefte.

Dene Smuts-gedenkbeurs

Hierdie beurs word toegeken ter ondersteuning van LLM- of LLD-studie met betrekking tot die staats- en administratiefreg en menseregte. Dit word op akademiese meriete toegeken aan studente met die potensiaal om ŉ bydrae te maak tot die ontwikkeling van hierdie gebiede. Die beurs word jaarliks deur die Dekaan toegeken op aanbeveling van die Voorsitter van die Department Publiekreg. Die familie en vriende van Dene Smuts befonds die beurs om erkenning te gee aan haar rol in die totstandkoming van die Grondwet van Suid-Afrika.

Georgala-familie-beursfonds

Finansiële bystand word verleen aan behoeftige studente uit voorheen benadeelde bevolkingsgroepe in die voorfinale en finale LLB-studiejare.

Sophie Jacob-gedenkbeurs

Hierdie beurs word toegeken ter ondersteuning van LLM- of LLD-studie met betrekking tot vroueregte. Dit word op akademiese meriete toegeken aan studente met die potensiaal om ŉ bydrae te maak tot die ontwikkeling van vroueregte. Die genote van die Ciucci Sentrum vir die Reg en Sosiale Ontwikkeling nomineer kandidate vir die toekenning.

Stonehage Fleming-eerstejaarbeurs

Beurse is beskikbaar gestel ingevolge ŉ strategiese vennootskap tussen die Stonehage Groep en die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Regsgeleerdheid. Die beurse is daar vir akademies begaafde studente wat veral ook uit voorheen benadeelde gemeenskappe kom en wat registreer vir die eerste jaar van die BA (Regsgeleerdheid)-, BCom (Regsgeleerdheid)-, LLB- of BRekLLB-programme. Aansoekers van die Hoër Meisieskool Bloemhof, Hoërskool Cloetesville, Hoërskool Kayamandi, Hoërskool Lückhoff, Paul Roos Gimnasium, Hoër Meisieskool Rhenish en Hoërskool Stellenbosch kry voorkeur.

Visagie, Vos en Vennote-beurs

ŉ Beurs word jaarliks toegeken aan ŉ behoeftige LLB III-student.

Webber Wentzel-beurs

Die prokureursfirma Webber Wentzel ken jaarliks ŉ beurs toe aan ŉ voorfinalejaar-LLB-student wat akademies goed presteer en besondere belofte as toekomstige prokureur toon.

Voorgraadse Programme

Hieronder volg inligting oor die volgende voorgraadse programme:

- vierjarige LLB
- driejarige LLB
- tweejarige LLB
- BRekLLB
- BA (Regsgeleerdheid)
- BCom (Regsgeleerdheid)

1. Inligting van toepassing op alle voorgraadse programme

Hier volg eerstens algemene inligting wat op al die baccalaureusprogramme van toepassing is (behalwe waar dit duidelik anders gestel word). Daarna volg besonderhede oor die toelatingsvereistes en modules vir die afsonderlike programme.

1.1 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Jy kan vir al die baccalaureusprogramme elektronies aansoek doen deur www.maties.com. Aansoeke sluit **30 Junie**, behalwe vir die driejarige LLB, waar dit **31 Julie** sluit.

Indien jy aansoek doen vir die vierjarige LLB, BA (Regsgeleerdheid), BCom (Regsgeleerdheid) of BRekLLB moet jy die Nasionale Normtoets (NNT) voor die sluitingsdatum aflê. Vir meer hieroor kyk die toepaslike afdeling in die hoofstuk “Algemene Inligting”.

1.2 Keuring

Al die baccalaureusprogramme behalwe die tweejarige LLB is keuringsprogramme. Slegs ’n beperkte aantal studente sal tot die keuringsprogramme toegelaat word. Kyk ook “Voorgraadse inskrywingsbestuur” in die hoofstuk “Algemene Inligting”.

1.3 Algemene bepalings ten opsigte van modules

1.3.1 Beperking op die neem van modules uit die volgende jaar

Indien jy ’n voorfinalejaarstudent is en enige modules van die vorige jaar of jare agterstallig is, mag jy nie modules uit die volgende jaar van die program neem nie, behalwe met spesiale toestemming. Hierdie beperking geld vir alle modules, ongeag die slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes vir die modules soos dit in hierdie Jaarboekdeel uiteengesit word.

1.4 Navrae

Vir die relevante kontakbesonderhede, kyk onder “Die Fakulteit se kontakbesonderhede” in die hoofstuk “Algemene Inligting”.

2. Die vierjarige LLB-program

2.1 Toelatingsvereistes

- ’n Gemiddelde persentasie van 70% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) minstens ’n 5 (60%–69%); *of*
  Engels (Huistaal) minstens ’n 5 (60%–69%); *of*
  Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) minstens ’n 6 (70%–79%); *of*
  Engels (Eerste Addisionele Taal) minstens ’n 6 (70%–79%)

Toelating tot spesifieke modules in die LLB-program

- Indien jy Ekonomie as keusevak wil neem, moet jy Wiskunde met minstens ’n 5 (60%–69%) slaag.
- Maak seker dat jy ook weet wat die toelatingsvereistes is vir die modules (bv. ’n taal) wat jy in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wil volg.

2.2 Modules in die verskillende studiejare

Eerste jaar (160 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Inleiding tot die Reg	171(24)
Privaatreg	171(24)
Strafreg	171(24)
Inheemse Gewoontereg	171(24)
Skryfvaardighede	171(10)
Inligtingvaardighede	172(6)

Keusemodules (2 x 24)

Kies **twee vakke** uit die lys hieronder. Let op die volgende:

- ’n Vak bestaan uit een of meer modules wat in totaal 24 krediete werd is.
- Jy moet minstens een taal kies met ’n totale kredietwaarde van 24.
- Al die modules op die lys word aangebied deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, behalwe Ekonomie, wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word.

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Afrikaanse Taalverwerwing	178(24) (slegs eerste jaar)
Engels	178(24)
Basiese Xhosa	114(12), 144(12) *of*
Xhosa	178(24) *of* 188(24)
Duits	178(24) *of* 188(24)
Frans	178(24) *of* 188(24)

Latyn	178(24) *of*
Klassieke Regskultuur	114(12), 144(12)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Filosofie	112(6), 122(6), 142(6), 152(6) (volg vier modules)
Politieke Wetenskap	114(12), 144(12)

Tweede jaar (146 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Privaatreg	272(16), 273(16)
Romeinse Reg	271(24)
Staatsreg	271(26)
Strafprosesreg	271(20)

Verpligte module (eerste semester)

Uitleg van Wetstekste	211(12)

Keusemodules (1 x 32)

Kies **een vak** uit die lys hieronder. Die modules van die vak wat jy kies, moet gesamentlik 32 krediete werd wees.

Afrikaans en Nederlands	278(32)
Engels	214(16), 244(16)
Xhosa	214(16), 244(16) of 224(16), 254(16)
Duits	278(32) *of* 288(32)
Latyn	214(16), 244(16)
Antieke Kulture	211(8), 221(8), 241(8), 251(8) (volg vier modules)
Filosofie	212(8), 222(8), 252(8), 262(8)
Politieke Wetenskap	212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
Ekonomie	214(16), 244(16)

Derde jaar (148 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Privaatreg	372(32), 373(32)
Siviele Prosesreg	371(24)

Verpligte modules (eerste semester)

Staatsreg	312(12)
Handelsreg	311(12), 312(12)

Verpligte modules (tweede semester)

Internasionale Reg	341(12)
Regsfilosofie	341(12)

Vierde jaar (152 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Handelsreg	471(32)
Bewysreg	471(20)

Verpligte modules (eerste semester)

Privaatreg	411(12)
Administratiefreg	411(16)
Regsvaardighede	411(12)
Belastingreg	411(12)

Keusemodules (tweede semester)

Kies **enige vier** uit die volgende modules. Die keuse is onderworpe aan die rooster en die Fakulteit sal nie noodwendig elke jaar al die keusemodules aanbied nie. Die Fakulteit kan ook in ŉ bepaalde jaar aandui dat sekere modulekombinasies weens roosteroorwegings nie saam gevolg kan word nie. ŉ Minimum van 10 studente moet vir ŉ module registreer voordat die Fakulteit die betrokke module in ŉ bepaalde jaar sal aanbied. Indien individuele dosente dit so sou verkies, mag die maksimum getal studente vir ŉ bepaalde module tot 50 beperk word. Daar mag dus van jou verwag word om voor die finale registrasiedatum ŉ keuringsproses te deurloop as jy ŉ bepaalde keusemodule wil volg. Faktore soos jou prestasie in ŉ voorafgaande verwante module en die tydstip waarop jy vir die keusemodule geregistreer het, kan by keuring in ag geneem word.

Handelsreg

Belastingreg	441(12), 442(12)
Handelsreg	441(12), 442(12), 443(12), 444(12), 445(12), 447(12), 448(12), 449(12)
Intellektuele Goedereg	441(12)
Rekeningkunde vir Regstudente	441(12)
Omgewingsreg	451(12)

Privaatreg

Internasionale Privaatreg	451(12)
Privaatreg	451(12), 452(12), 453(12), 454(12), 455(12), 457(12)
Praktiese Regsopleiding	471(24) (verleen vrystelling van Regsvaardighede 411)

Publiekreg

Regsfilosofie	451(12)
Strafreg	451(12)
Internasionale Reg	451(12)
Staatsreg	451(12)
Staatsverkrygingsreg	451(12)

Skripsiekeuse

In plaas van een van die modules wat jy hierbo kan kies, kan jy 'n **skripsie** van 'n beperkte omvang inlewer **of** 'n **artikel** in een van die goedgekeurde regstydskrifte publiseer. Die lengte van die skripsie is 7 000–10 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit) en dit moet handel oor 'n goedgekeurde onderwerp wat in oorleg met die voorsitter van die betrokke departement gekies word. Die artikel word gepubliseer in oorleg met die voorsitter van die betrokke departement waaronder die artikel ressorteer. Indien jy die skripsiekeuse uitoefen, moet jy by registrasie skriftelike goedkeuring van die onderwerp deur die betrokke departementele voorsitter voorsien. Normaalweg mag jy slegs vir die skripsiekeuse registreer as jy 'n gemiddeld van minstens 60% in die voorfinale jaar van die LLB behaal het.

Indien jy aan die uitdunrondtes van 'n goedgekeurde **skynhofkompetisie** deelneem, kan jy ook aansoek doen om op grond van jou geskrewe en mondelinge bydrae beoordeel te word en dat sodanige bydraes in die plek van die genoemde skripsie erken word. Doen skriftelik aansoek by die betrokke departementele voorsitter.

As jy die skripsiekeuse uitoefen, moet jy vir een van die volgende modules registreer, volgens die departement waarin jou keuse val:

Handelsreg	446(12) *of*
Privaatreg	441(12) *of*
Publiekreg	451(12)

3. Die driejarige LLB-program (as tweede graad)

Hierdie program is bedoel vir gegradueerdes van die Universiteit Stellenbosch wat nie regsvakke met hulle eerste graad gevolg het nie, asook studente wat grade met regsvakke by ander universiteite verwerf het.

3.1 Toelatingsvereistes

- Normaalweg 'n baccalaureusgraad van 'n Suid-Afrikaanse universiteit waarin 'n gemiddelde van 60% vir die finale jaar behaal is.

3.2 Modules in die verskillende studiejare

Eerste jaar (172 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Inleiding tot die Reg	171(24)
Privaatreg	171(24), 272(16), 273(16)
Strafreg	171(24)
Staatsreg	271(26)
Inligtingvaardighede	172(6)

Verpligte module (eerste semester)

Uitleg van Wetstekste	211(12)

En een van die volgende twee keusemodules:

Inheemse Gewoontereg	171(24)
Romeinse Reg	271(24)

Tweede jaar (156 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Privaatreg	372(32), 373(32)
Siviele Prosesreg	371(24)
Strafprosesreg	271(20)

Verpligte modules (eerste semester)

Staatsreg	312(12)
Handelsreg	311(12), 312(12)

Verpligte module (tweede semester)

Regsfilosofie	341(12)

Derde jaar (152 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Handelsreg	471(32)
Bewysreg	471(20)

Verpligte modules (eerste semester)

Belastingreg	411(12)
Privaatreg	411(12)
Administratiefreg	411(16)
Regsvaardighede	411(12)

Verpligte en keusemodules (tweede semester)

Jy moet **Internasionale Reg 341(12)** volg.

Kies verder **drie modules** uit die lys hieronder. Die keuse is onderworpe aan die rooster en die Fakulteit sal nie noodwendig elke jaar al die keusemodules aanbied nie. Die Fakulteit kan ook in 'n bepaalde jaar aandui dat sekere modulekombinasies weens roosteroorwegings nie saam gevolg kan word nie. 'n Minimum van 10 studente moet vir 'n module registreer voordat die Fakulteit die betrokke module in 'n bepaalde jaar sal aanbied. Indien individuele dosente dit so sou verkies, mag die maksimum getal studente vir 'n bepaalde module tot 50 beperk word. Daar mag dus van jou verwag word om voor die finale registrasiedatum 'n keuringsproses te deurloop as jy 'n bepaalde keusemodule wil volg. Faktore soos jou prestasie in 'n voorafgaande verwante module en die tydstip waarop jy vir die keusemodule geregistreer het, kan by keuring in ag geneem word.

Handelsreg

Belastingreg	441(12), 442(12)
Handelsreg	441(12), 442(12), 443(12), 444(12), 445(12), 447(12), 448(12), 449(12)
Intellektuele Goedereg	441(12)
Rekeningkunde vir Regstudente	441(12)
Omgewingsreg	451(12)

Privaatreg

Internasionale Privaatreg	451(12)
Privaatreg	451(12), 452(12), 453(12), 454(12), 455(12), 457(12)
Praktiese Regsopleiding	471(24) (verleen vrystelling van Regsvaardighede 411)

Publiekreg

Regsfilosofie	451(12)
Strafreg	451(12)
Internasionale Reg	451(12)
Staatsreg	451(12)
Staatsverkrygingsreg	451(12)

Skripsiekeuse

In plaas van een van die modules wat jy hierbo kan kies, kan jy 'n **skripsie** van 'n beperkte omvang inlewer **of** 'n **artikel** in een van die goedgekeurde regstydskrifte publiseer. Die lengte van die skripsie is 7000–10 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit) en dit moet handel oor 'n goedgekeurde onderwerp wat in oorleg met die voorsitter van die betrokke departement gekies word. Die artikel word gepubliseer in oorleg met die voorsitter van die betrokke departement waaronder die artikel ressorteer. Indien jy die skripsiekeuse uitoefen, moet jy by registrasie skriftelike goedkeuring van die onderwerp deur die betrokke departementele voorsitter voorsien. Normaalweg mag jy slegs vir die skripsiekeuse registreer as jy 'n gemiddeld van minstens 60% in die voorfinale jaar van die LLB behaal het.

Indien jy aan die uitdunrondtes van 'n goedgekeurde **skynhofkompetisie** deelneem, kan jy ook aansoek doen om op grond van jou geskrewe en mondelinge bydrae beoordeel te word en dat sodanige bydraes in die plek van die genoemde skripsie erken word. Doen skriftelik aansoek by die betrokke departementele voorsitter.

As jy die skripsiekeuse uitoefen, moet jy vir een van die volgende modules registreer, volgens die departement waarin jou keuse val:

Handelsreg	446(12) *of*
Privaatreg	441(12) *of*
Publiekreg	451(12)

3.2.1 Slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes

Die gewone slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes vir modules uit die derde en vierde jaar van die vierjarige LLB-program geld ook vir die tweede en derde jaar van die driejarige LLB-program. Kyk die opsommende tabel agter in hierdie Jaarboekdeel.

3.2.2 Punte om *cum laude* te slaag

Om te bepaal of jy *cum laude* slaag neem die Fakulteit slegs die prestasiepunte in die voorgeskrewe modules vir die tweede en derde jaar van hierdie graadprogram in ag. Die minimum gemiddelde wat jy moet behaal is 75%.

4. Die tweejarige LLB-program (as tweede graad)

Die tweejarige LLB-program volg tradisioneel op die BA (Regsgeleerdheid)- of BCom (Regsgeleerdheid)-graad.

4.1 Toelatingsvereistes

- 'n Voorafgaande BA (Regsgeleerdheid)- of BCom (Regsgeleerdheid)-graad van die Universiteit Stellenbosch.

4.2 Modules in die verskillende studiejare

Eerste jaar (148 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Privaatreg	372(32), 373(32)
Siviele Prosesreg	371(24) (vir studente wat in 2012 vir die eerste keer geregistreer het, kyk die opmerking hieronder by 4.2.2)

Verpligte modules (eerste semester)

Staatsreg	312(12)
Handelsreg	311(12), 312(12)

Verpligte modules (tweede semester)

Internasionale Reg	341(12)
Regsfilosofie	341(12)
Twee LLB-keusemodules (24) (buiten studente wat in 2012 vir die eerste keer geregistreer het – kyk opmerking hieronder by 4.2.2) Kyk die keusemodules by die tweede jaar hieronder.	

Tweede jaar (152 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Handelsreg	471(32)
Bewysreg	471(20)

Verpligte modules (eerste semester)

Privaatreg	411(12)
Administratiefreg	411(16)
Regsvaardighede	411(12)
Belastingreg	411(12)

Keusemodules (tweede semester)

Kies enige **vier modules** wat nie reeds in die eerste jaar van die program geneem is nie, uit die lys hieronder. Die keuse is onderworpe aan die rooster en die Fakulteit sal nie noodwendig elke jaar al die keusemodules aanbied nie. Die Fakulteit kan ook in ŉ bepaalde jaar aandui dat sekere modulekombinasies weens roosteroorwegings nie saam gevolg kan word nie. ŉ Minimum van 10 studente moet vir ŉ module registreer voordat die Fakulteit die betrokke module in ŉ bepaalde jaar sal aanbied. Indien individuele dosente dit so sou verkies, mag die maksimum getal studente vir ŉ bepaalde module tot 50 beperk word. Daar mag dus van jou verwag word om voor die finale registrasiedatum ŉ keuringsproses te deurloop as jy ŉ bepaalde keusemodule wil volg. Faktore soos jou prestasie in ŉ voorafgaande verwante module en die tydstip waarop jy vir die keusemodule geregistreer het, kan by keuring in ag geneem word.

Handelsreg

Belastingreg	441(12), 442(12)
Handelsreg	441(12), 442(12), 443(12), 444(12), 445(12), 447(12), 448(12), 449(12)
Intellektuele Goedereg	441(12)
Rekeningkunde vir Regstudente	441(12)
Omgewingsreg	451(12)

Privaatreg

Internasionale Privaatreg	451(12)
Privaatreg	451(12), 452(12), 453(12), 454(12), 455(12), 457(12)
Praktiese Regsopleiding	471(24) (verleen vrystelling van Regsvaardighede 411)

Publiekreg

Regsfilosofie	451(12)
Strafreg	451(12)
Internasionale Reg	451(12)
Staatsreg	451(12)
Staatsverkrygingsreg	451(12)

Skripsiekeuse

In plaas van een van die modules wat jy hierbo kan kies, kan jy ŉ **skripsie** van ŉ beperkte omvang inlewer **of** ŉ **artikel** in een van die goedgekeurde regstydskrifte publiseer. Die lengte van die skripsie is 7000–10 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit) en dit moet handel oor ŉ goedgekeurde onderwerp wat in oorleg met die voorsitter van die betrokke departement gekies word. Die artikel word gepubliseer in oorleg met die voorsitter van die betrokke departement waaronder die artikel ressorteer. Indien jy die skripsiekeuse uitoefen, moet jy by registrasie skriftelike goedkeuring van die onderwerp deur die betrokke departementele voorsitter voorsien. Normaalweg mag jy slegs vir die skripsiekeuse registreer as jy ŉ gemiddeld van minstens 60% in die voorfinale jaar van die LLB behaal het.

Indien jy aan die uitdunrondtes van ŉ goedgekeurde **skynhofkompetisie** deelneem, kan jy ook aansoek doen om op grond van jou geskrewe en mondelinge bydrae beoordeel te word en dat sodanige bydraes in die plek van die genoemde skripsie erken word. Doen skriftelik aansoek by die betrokke departementele voorsitter.

As jy die skripsiekeuse uitoefen, moet jy vir een van die volgende modules registreer, volgens die departement waarin jou keuse val:

Handelsreg	446(12) *of*
Privaatreg	441(12) *of*
Publiekreg	451(12)

4.2.1 *Ad hoc*-vrystellings van slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes vir keusemodules uit die finale jaar

Dit is moontlik dat jy in die voorfinale jaar van die program *ad hoc*-vrystellings van slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes vir keusemodules kan kry sodat jy keusemodules uit die finale jaar van die program kan neem. Bespreek dit egter eers met die dosente in die betrokke modules.

5. Die BRekLLB-program

5.1 Toelatingsvereistes

- ’n Gemiddelde persentasie van 80% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) minstens ’n 5 (60%–69%); *of*
  Engels (Huistaal) minstens ’n 5 (60%–69%); *of*
  Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) minstens ’n 6 (70%–79%); *of*
  Engels (Eerste Addisionele Taal) minstens ’n 6 (70%–79%).
- Wiskunde minstens ’n 6 (70%–79%); *of*
  Wiskunde minstens ’n 5 (60%–69%) en Rekeningkunde minstens ’n 6 (70%–79%).

5.2 Modules in die verskillende studiejare

Eerste jaar (168 krediete)

Inleiding tot die Reg	171(24)
Privaatreg	171(24)
Strafreg	171(24)
Renterekening	152(6)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	178(24)
Inligtingstelsels	114(12), 144(12)
Statistiek	186(18)

Tweede jaar (158 krediete)

Privaatreg	272(16), 273(16)
Romeinse Reg	271(24)
Strafprosesreg	271(20)
Staatsreg	271(26)
Uitleg van Wetstekste	211(12)
Sake-etiek	214(8)
Ouditkunde	288(24)
Inligtingstelsels	214(6), 242(6)

Derde jaar (174 krediete)

Privaatreg	372(32), 373(32)
Internasionale Reg	341(12)
Handelsreg	311(12), 312(12)
Finansiële Rekeningkunde	278(32)
Bestuursrekeningkunde	278(30)
Staatsreg	312(12)

Vierde jaar (180 krediete)

Administratiefreg	411(16)
Handelsreg	471(32)
Siviele Prosesreg	371(24)
Belastingreg	411(12)
Privaatreg	411(12)
Regsfilosofie	341(12)
Regsvaardighede	411(12)
Inligtingstelsels	312(12)
Belasting	298(24)
Twee LLB-keusemodules (24*) *Kyk die keusemodules vir die finale jaar van die vierjarige LLB.	

Vyfde jaar (164 krediete)

Bewysreg	471(20)
Finansiële Rekeningkunde	379(48)
Ouditkunde	378(24)
Belasting	399(36)
Bestuursrekeningkunde	378(36)

Modules van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Vir die inhoude van modules wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, moet jy Deel 10 van die Jaarboek raadpleeg.

6. Die BA (Regsgeleerdheid)-program

6.1 Toelatingsvereistes

- ’n Gemiddelde persentasie van 70% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) *of* Engels (Huistaal) minstens ’n 5 (60%–69%).
- Eerste Addisionele Taal minstens ’n 3 (40%–49%).

Toelating tot spesifieke modules in die BA (Regsgeleerheid)-program

- Indien jy Ekonomie as ’n keusevak wil neem, moet jy Wiskunde met minstens ’n 5 (60%–69%) slaag.
- Maak seker dat jy ook weet wat die toelatingsvereistes is vir die modules (bv. ’n taal) wat jy in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wil volg.

6.2 Modules in die verskillende studiejare

Eerste jaar (160 krediete)

Verpligte modules (jaarmodules)

Inleiding tot die Reg	171(24)
Privaatreg	171(24)
Inheemse Gewoontereg	171(24)
Skryfvaardighede	171(10)
Inligtingvaardighede	172(6)

Keusemodules (3 x 24)

Kies **drie vakke** uit die lys hieronder. Let op die volgende:

- ’n Vak moet uit een of meer modules bestaan wat in totaal 24 krediete werd is.
- Jy moet minstens een taal kies met ’n totale kredietwaarde van 24.
- Al die modules op die lys word aangebied deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, behalwe Ekonomie, wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word.

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Afrikaanse Taalverwerwing	178(24) (slegs eerste jaar) *of* 188(24) (slegs eerste jaar)
Duits	178(24) *of* 188(24)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Engels	178(24)
Frans	178(24) *of* 188(24)
Latyn	178(24) *of*
Klassieke Regskultuur	114(12), 144(12)
Filosofie	112(6), 122(6), 142(6), 152(6) (volg vier modules)
Politieke Wetenskap	114(12), 144(12)
Sielkunde	114(12), 144(12)
Basiese Xhosa	114(12), 144 (12)
Xhosa	178(24) *of* 188(24)

Tweede jaar (144 krediete)

Verpligte modules

Privaatreg	272(16), 273(16)
Romeinse Reg	271(24)
Strafreg	171(24)

Keusemodules (2 x 32)

Voortgesette studie van **twee** van die volgende **vakke**. Let op dat ’n vak moet bestaan uit een of meer modules wat in totaal 32 krediete werd is.

Afrikaans en Nederlands	278(32)
Duits	278(32) *of* 288(32)
Ekonomie	214(16), 244(16)
Engels	214(16), 244(16)
Frans	278(32)
Latyn	214(16), 244(16) *of*
Antieke Kulture	211(8), 221(8), 241(8), 251(8) (volg vier modules)
Filosofie	212(8), 222(8), 242(8), 252(8), 262(8) (volg vier modules, twee in eerste semester en twee in tweede semester)
Politieke Wetenskap	212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
Sielkunde	213(8), 223(8), 243(8), 253(8)
Xhosa	214(16), 244(16) *of* 224(16), 254(16)

Derde jaar (154 krediete)

Verpligte regsmodules

Staatsreg	271(26)
Strafprosesreg	271(20)
Uitleg van Wetstekste	211(12)
Siviele Prosesreg	371(24)

Keusemodules (1x 48 + 1 x 24)

Voortgesette studie van **een en ’n halwe vak** (48 krediete + 24 krediete):

Antieke Kulture	311(12), 321(12), 341(12), 351(12) (volg vier modules)
Duits	318(24), 348(24) *of* 328(24), 358(24)
Ekonomie	318(24), 348(24)
Engels	318(24), 348(24)
Frans	318(24), 348(24)
Latyn	318(24), 348(24)
Filosofie	314(12), 324(12), 334(12), 344(12), 354(12), 364(12) (volg vier modules in oorleg met die Departement)
Afrikaans en Nederlands	318(24), 348(24)
Politieke Wetenskap	314(12), 324(12), 344(12), 354(12)
Sielkunde	314(12), 324(12), 348(24)
Xhosa	318(24), 348(24) *of* 328(24), 358(24)

6.2.1 Gelyktydige inskrywing vir sekere modules

- Jy mag nie vir sowel Afrikaans en Nederlands 178 as Afrikaanse Taalverwerwing 178 registreer nie.
- Ekonomie 114, 144 en Engels 178 kan slegs op eerstejaarsvlak saam geneem word.
- Daar is 'n klasroosterbotsing van een periode van Strafprosesreg 271 met Duits 3. Die Departement Moderne Vreemde Tale akkommodeer die botsing vir studente met hierdie vakkombinasie.

6.2.2 Die neem van ekstra modules

Om in jou finale jaar enige module as ekstra module te neem, moet jy eers verlof van die Fakulteitsraad Regsgeleerdheid kry.

6.2.3 Modules van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Vir meer inligting oor die BA (Regsgeleerdheid)-program en inhoude van modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, moet jy Deel 4 van die Jaarboek raadpleeg.

7. Die BCom (Regsgeleerdheid)-program

7.1 Toelatingsvereistes

- 'n Gemiddelde persentasie van 70% vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Afrikaans (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*
  Engels (Huistaal) minstens 'n 5 (60%–69%); *of*
  Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%); *of*
  Engels (Eerste Addisionele Taal) minstens 'n 6 (70%–79%).
- Wiskunde minstens 'n 5 (60%–69%).

7.2 Modules in die verskillende studiejare

Eerste jaar (160 krediete)

Finansiële Rekeningkunde	188(24)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Renterekening	152(6)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Privaatreg	171(24)
Inleiding tot die Reg	171(24)
Skryfvaardighede	171(10)
Inligtingstelsels	112(6)
Afrikaans en Nederlands	178(24) *of*
Engels	178(24) *of*
Basiese Xhosa	114(12), 144(12) *of*
Xhosa	178(24) of 188(24) *of*

Latyn	178(24)

Tweede jaar (144 krediete)

Privaatreg	272(16), 273(16)
Romeinse Reg	271(24)
Strafreg	171(24)
Ekonomie	214(16), 244(16)
Finansiële Rekeningkunde	288(32)

Derde jaar (154 krediete)

Staatsreg	271(26)
Strafprosesreg	271(20)
Uitleg van Wetstekste	211(12)
Siviele Prosesreg	371(24)
Ekonomie	318(24), 348(24) *of*
Finansiële Rekeningkunde	389(48)
Ekonomie	381(24) *of*
Belasting	388(24)

7.2.1 Die neem van ekstra modules

Om in jou finale jaar enige module as ekstra module te neem, moet jy eers verlof van die Fakulteitsraad Regsgeleerdheid kry.

7.2.2 Modules van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Vir meer inligting oor die BCom (Regsgeleerdheid)-program en inhoude van modules aangebied deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe moet jy Deel 10 van die Jaarboek raadpleeg.

7.2.3 Toelating tot HonsBCom (Finansiële Rekeningkunde)

As jy die graad BCom (Regsgeleerdheid) verwerf het, kan jy tot die HonsBCom (Finansiële Rekeningkunde) (ACCA) toegelaat word as jy voldoen aan die toelatingsvereistes soos uiteengesit in die Jaarboek Deel 10. Vir Finansiële Rekeningkunde op honneursvlak moet jy Statistiese Metodes 176 (18) of Statistiek 186 (18) voor of gedurende die HonsBCom-program aanvul.

Nagraadse Programme

Hieronder volg 'n uiteensetting van al die nagraadse programme wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word.

Let wel:
Alle LLB-grade is voorgraadse kwalifikasies en verskyn dus in die hoofstuk "Voorgraadse Programme".

1. Die Nagraadse Diploma in Belastingreg

1.1 Toelatingsvereistes

Jy kan aansoek doen vir die Nagraadse Diploma in Belastingreg indien jy:

- 'n LLB-graad van die Universiteit het; *of*
- 'n BCom- of BRek-graad van die Universiteit het; *of*
- 'n gegradueerde is van enige ander universiteit wat ingevolge artikel 65B van die Wet op Hoër Onderwys, No 101 van 1997, toegelaat is tot die status van 'n LLB, BProc, BCom of BRek van die betrokke universiteit; *of*
- toegelaat is om in enige provinsie van die Republiek van Suid-Afrika of Namibië as prokureur te praktiseer; *of*
- as rekenmeester geregistreer is by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, of as geoktrooieerde rekenmeester geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters; *of*
- oor enige ander akademiese of professionele kwalifikasie beskik wat die Senaat as voldoende vir toelating ag.

1.2 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Nuwe aansoeke word elke twee jaar oorweeg en **die volgende inname is in 2020**. Doen skriftelik aansoek deur www.maties.com.

1.3 Duur van program

Twee jaar

Volgende inname: Februarie 2020 tot November 2021

1.4 Navrae

Die Fakulteitsadministrateur, mnr Shirle Cornelissen, tel. 021 808 9111, e-pos: shirle@sun.ac.za.

1.5 Programinhoud (120 krediete)

Die program konsentreer op die interpretasie van belastingwetgewing soos uitgekristaliseer in hofsake, praktyknotas, interpretasienotas en ander bronne soos handboeke, vaktydskrif artikels en elektroniese publikasies.

Die kurrikulum bestaan uit die volgende modules:

2020	
10393 – 711	Basiese Beginsels van Inkomstebelastingreg (20)
13943 – 721	Gevorderde Inkomstebelastingreg (20)
63142 – 725	Brief van Beswaar; Hoofde van Betoog (20)
2021	
10668 – 722	Regsaspekte van Belasting op Geskenke, Boedelbelasting en Boedelbeplanning (20)
12271 – 725	Regsaspekte van Belasting op Toegevoegde Waarde en Hereregte (20)
10468 – 762	Internasionale Belastingreg (20)

2. Die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereregt

2.1 Toelatingsvereistes

Jy kan aansoek doen om tot die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereregt toegelaat te word indien jy:

- 'n BSc-, BCom-, BIng- of LLB-kwalifikasie het of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, *of*
- deur die Senaat as voldoende gekwalifiseerd vir toelating beskou word in terme van die Universiteit se AEVL (Assessering en Erkenning van Vorige Leer)-beleid op grond van werksondervinding of enige ander blootstelling aan die veld van Intellektuele Goedereregt, en
- as 'n verdere vereiste, saam met een van bogenoemde, 'n bevredigende keuringsopstel voltooi het.

Internasionale studente

Indien jy 'n internasionale student is wat vir toelating tot die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereregt aansoek doen, moet jy ook bewys lewer van jou huidige Engelsvaardigheid. Jy kan dit doen deur 'n opstel te skryf of met jou IELTS- of TOEFL-uitslae. Hierdie vereiste geld nie as Engels jou huistaal is of as jy jou vorige graad of kwalifikasie in Engels voltooi het nie.

2.2 Aansoekprosedure

Hierdie is 'n keuringsprogram en bo en behalwe die voorgeskrewe toelatingsvereistes wat geld, sal slegs 'n beperkte aantal studente toegelaat word. Doen skriftelik aansoek deur www.maties.com.

2.3 Duur van program

Een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

2.4 Navrae

Die Fakulteitsadministrateur, mnr Shirle Cornelissen, tel. 021 808 9111, e-pos: shirle@sun.ac.za.

2.5 Programinhoud (120 krediete)

Hierdie program is die enigste van sy soort en bied aan jou die besondere geleentheid om 'n oorsigtelike kennis van die intellektuele goedereregte te bekom deur 'n prakties gedrewe bestudering van die reg op handelsmerke, patente, ontwerpe, outeursreg en digitale intellektuele goedereregte.

Jy moet enige vier modules van jou keuse voltooi (120 krediete in totaal). Die moontlikhede is die volgende:

Let wel:

Jy moet kies tussen Intellektuele Goedereregte in die Digitale Omgewing, Mededingingsreg en Ekonomiese Perspektiewe van die Reg. Jy kan slegs een van hierdie modules neem. 'n Student sal slegs toegelaat word om die navorsingswerkstukmodule te neem met die toestemming van die programkoördineerder.

10009 – 711	Outeursreg (30)
10008 – 711	Die Reg op Handelsmerke (30)
10934 – 711	Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe (30)
10935 – 711	Intellektuele Goedereregte in die Digitale Omgewing (30) *of*
62553 – 711	Mededingingsreg (30) *of*
13866 – 712	Ekonomiese Perspektiewe van die Reg (30)
10937 – 714	'n Navorsingswerkstuk van 7 500 tot 10 000 woorde oor 'n onderwerp in die algemene gebied van Intellektuele Goedereregte of verwante onderwerp (30)

3. Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering

3.1 Toelatingsvereistes

Jy kan aansoek doen om tot die Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering toegelaat te word indien jy:

- 'n baccalaureusgraad in enige vakgebied met 'n minimum gemiddeld van 60% in die finale jaar van die voorgraadse graad of enige nagraadse graadprogram wat verwerf is, behaal het;
- beskik oor ondervinding in staatsverkryging of voorsieningskettingbestuur; en
- 'n aanlyn kortkursus in inleiding tot staatsverkrygingsreg suksesvol voltooi het.

Internasionale studente

Indien jy 'n internasionale student is wat vir toelating tot die Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering aansoek doen, moet jy ook bewys lewer van jou huidige Engelsvaardigheid. Jy kan dit doen deur 'n opstel te skryf of met jou IELTS- of TOEFL-uitslae. Hierdie vereiste geld nie as Engels jou huistaal is of as jy jou vorige graad of kwalifikasie in Engels voltooi het nie.

3.2 Aansoekprosedure

Hierdie is 'n keuringsprogram en bo en behalwe die voorgeskrewe toelatingsvereistes wat geld, sal slegs 'n beperkte aantal studente toegelaat word. Doen skriftelik aansoek deur www.maties.com.

3.3 Duur van program

Een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

3.4 Navrae

Die Fakulteitsadministrateur, mnr Shirle Cornelissen, tel. 021 808 9111, e-pos: shirle@sun.ac.za.

3.5 Programinhoud (120 krediete)

Hierdie program is die enigste van sy soort op die kontinent en bied aan jou die besondere geleentheid om jou kennis in staatsverkrygingsreg te vestig of te verdiep. Jy sal aan die metodologie van regspraktyk (spesifiek staatsverkrygingsregulering), regsnavorsing en die toepassing van die reg in die konteks van staatsverkryging blootgestel word.

Jy moet vier modules voltooi (120 krediete in totaal), twee verpligte modules en twee keusemodules voltooi:

14115-713	Internasionale stelsels en Staatsverkrygingsreg (30) *en*
14121-751	Staatsverkrygingsreg en -beleid in Suid-Afrika (30)
14116-711	Beleid en Staatsverkrygingsreg (30) *of*
14120-743	Korrupsie en Staatsverkryging (30) *of*
14119-741	Die reg en beleid van Staatsverkryging van infrastruktuur in Suid-Afrika (30) *of*
14118-752	Die reg en beleid van Verdedigingsverkryging (30) *of*
14114-712	Afdwinging van Staatsverkrygingsreg (30)

4. Die LLM-program

Die LLM-program bestaan uit ses opsies. Jy kan die Navorsingsopsie kies of een van vyf gestruktureerde opsies. Die basiese toelatingsvereistes vir al die opsies is dieselfde maar vir sommige van die opsies moet jy ook gekeur word.

4.1 Toelatingsvereistes vir LLM-studie

Jy kan aansoek doen om tot die LLM-program toegelaat te word indien jy:

- die LLB-graad van hierdie Universiteit *of* 'n ander baccalaureusgraad in die Regsgeleerdheid (uitgesluit die BIuris-graad) verwerf het *en* 'n gemiddelde persentasie van minstens 60% in die finale jaar van die graad behaal het, *of*
- 'n vergelykbare prestasie in 'n ander (byvoorbeeld buitelandse) kwalifikasie behaal het, *of*
- op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in die Regsgeleerdheid bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.

Internasionale studente

Indien jy 'n internasionale student is wat vir toelating tot die gestruktureerde LLM-program aansoek doen, moet jy ook bewys lewer van jou huidige Engelsvaardigheid (byvoorbeeld met jou IELTS- of TOEFL-uitslae). Hierdie vereiste geld nie as Engels jou huistaal is of as jy jou vorige graad in Engels voltooi het nie.

Vrystelling van 60%-vereiste vir LLM (navorsing)

Jy mag 'n aanbeveling van 'n moontlike studieleier aanvra en verkry om vrystelling van die minimum punt van 60% vir LLM (navorsing). Vir so 'n versoek om oorweeg te word, moet jy 'n oorsig van die voorgenome studie in nie meer as 600 woorde nie by jou potensiële studieleier inlewer, asook 'n voorbeeld van vorige navorsing van ongeveer 2 000 woorde. Jou potensiële studieleier moet bevestig dat hy of sy die kapasiteit het om die funksie van studieleier te verrig. Jou potensiële studieleier moet by wyse van skriftelike motivering en aanbeveling die vrystelling aan die Navorsingskomitee voorlê vir goedkeuring.

4.2 Keuring

Die gestruktureerde LLM-opsies is almal keuringsprogramme. Keuring geskied op grond van akademiese meriete en as jy vir die gestruktureerde LLM in Intellektuele Goedereg of die Professionele LLM in Intellektuele Goedereg aansoek doen, moet jy ook 'n keuringsopstel skryf.

Die navorsingsopsie is ook 'n keuringsprogram en om toegelaat te word moet jy 'n volledige keuringsproses deurloop. Meer besonderhede is op die Fakulteitswebwerf beskikbaar by www.sun.ac.za/law.

4.3 Navrae

Die Fakulteitsbestuurder, me Karin Wiss, tel. 021 808 3780, e-pos: karinwiss@sun.ac.za, of

Die Fakulteitsadministrateur, mnr Shirle Cornelissen, tel. 021 808 9111, e-pos: shirle@sun.ac.za.

Jy kan 'n prospektus met volledige inligting oor die gestruktureerde LLM by me Wiss aanvra.

4.4 Navorsingsopsie

Bo en behalwe die bepalings hieronder, raadpleeg ook die Nagraadse Gids op die Fakulteitswebtuiste by www.sun.ac.za/law.

Vereistes vir verwerwing

Om die LLM-graad deur navorsing te verwerf moet jy:

- 'n goedgekeurde leergang van navorsing van minstens een jaar (nadat jy die bogenoemde baccalaureusgraad of bekwaamheidstandaard behaal het) aan die Universiteit of op 'n ander plek wat deur die Senaat goedgekeur is volg; *en*
- 'n aanvaarbare tesis inlewer; *en*
- enige aanvullende werk of studie doen wat deur die betrokke dosente vereis word.

Aansoekprosedure

Doen skriftelik aansoek. Jy kan 'n volledige uiteensetting van die aansoekprosedure van die Fakulteitswebwerf aflaai by www.sun.ac.za/law. Kies "Nagraads" by "Grade en Diplomas" en kliek op die skakel by "LLM (Navorsingsopsie)".

Duur van program

- Indien jy as voltydse studente vir hierdie program registreer, mag jy vir 'n maksimum van twee agtereenvolgende jare registreer.
- Indien jy as deeltydse student vir hierdie program registreer, mag jy vir 'n maksimum van drie agtereenvolgende jare registreer.

- Indien jy weer wil registreer nadat die totale toegelate tyd verstryk het, moet jy die toestemming van die Dekaan kry.

Tesisspesifikasies

Vir die spesifikasies vir tesisse, asook ander inligting oor magistergrade in die algemeen, raadpleeg die afdeling oor magistergrade in Deel 1 van die Jaarboek.

4.5 Gestruktureerde LLM-opsies

'n Gestruktureerde LLM-program word ook aangebied. Daar is vyf opsies: Algemeen, Alternatiewe Geskilbeslegting, Arbeidsreg, Internasionale Handelsreg en Intellektuele Goedereereg. Alle modules word in Engels aangebied maar jy mag jou opdragte, navorsingswerkstuk en eksamens in Engels of Afrikaans skryf.

'n Volledige prospektus oor die gestruktureerde LLM-opsies is beskikbaar op die Fakulteitswebtuiste by www.sun.ac.za/law.

Hieronder verskyn die inligting wat op al die opsies van toepassing is. Daarna volg die inhoud van elke opsie.

Aansoekprosedure en -sluitingsdatums

Die sluitingsdatum vir aansoeke deur **Suid-Afrikaanse studente** is **15 Januarie** van die jaar van registrasie en vir **internasionale studente** is dit **30 September** van die jaar voor registrasie. Laat aansoeke word wel oorweeg.

Aansoeke om in die **tweede semester te begin** met die program moet teen **15 Julie** ingedien word deur Suid-Afrikaanse studente en teen **31 Maart** deur buitelandse studente. Laat aansoeke word ook oorweeg.

Doen elektronies aansoek by www.maties.com. Huidige studente van die Universiteit kan verder aansoek doen deur My.SUN te besoek vanaf die Universiteitswebwerf www.sun.ac.za.

Duur van die program

Voltydse studente

- Jy moet normaalweg die program in een jaar voltooi deur twee modules per semester te volg. Met verlof van die Fakulteitsraad kan jy jou studie oor twee jaar versprei, solank jy minstens een module per semester volg.
- Jy mag vir 'n maksimum van twee agtereenvolgende jare registreer.
- Indien jy weer wil registreer om jou studie voort te sit nadat die totale toegelate tyd verstryk het, moet jy toestemming van die Dekaan kry.
- Jy kan kies om óf aan die begin van die eerste semester óf aan die begin van die tweede semester met jou studie te begin.

Deeltydse studente

- Jy moet normaalweg die program in twee jaar voltooi.
- Jy mag vir 'n maksimum van drie agtereenvolgende jare registreer.
- Indien jy weer wil registreer om jou studie voort te sit nadat die totale toegelate tyd verstryk het, moet jy toestemming van die Dekaan kry.

- Jy kan kies om óf aan die begin van die eerste semester óf aan die begin van die tweede semester met jou studie te begin.

Klasbywoning

Die gestruktureerde LLM is nie ŉ korrespondensiekursus nie. Klasbywoning op die Stellenbosch-kampus is verpligtend vir alle studente.

Hertoelating

As jy vir een van die gestruktureerde LLM-programme ingeskryf is en drie of meer gedoseerde modules in die program sak, word jy nie outomaties hertoegelaat tot die volgende akademiese jaar nie.

Vereistes vir verwerwing

Om die gestruktureerde LLM-graad te verwerf, moet jy:

- vier modules in ŉ akademiese jaar volg en eksamens daarin ŉ slaag; *en*
- ŉ aanvaarbare navorsingswerkstuk voltooi.

4.5.1 Algemene LLM

Inhoud van die program

Modules

Die kurrikulum van die gestruktureerde algemene LLM word normaalweg nie volgens departemente georganiseer nie en daar is nie ŉ eenvormige stel voorgeskrewe modules nie. Jy word uitgenooi om self ŉ kurrikulum saam te stel uit die modules wat deur die Fakulteit aangebied word. Kies dus vier modules uit die lys hieronder.

Daar is wel sekere moontlike beperkings op jou keuse van modules:

- Dit moet deur die Fakulteitsraad goedgekeur word.
- Dit moet by die rooster inpas.
- Die betrokke dosent moet vir ŉ bepaalde semester beskikbaar wees (indien jy in Junie met jou studie begin het, is dit dus belangrik om so gou as wat dit beskikbaar raak die prospektus vir die volgende jaar te raadpleeg).
- Ten minste vyf studente moet vir die module inskryf.
- ŉ Maksimum van twee modules mag uit die LLM in Intellektuele Goedereregkom en moet deur die programkoördineerder goedgekeur word.

Betaling en Waarborge in Internasionale Kontrakte
Deeltitels in Regsvergelykende Perspektief
Die Reg op Handelsmerke
Ekonomiese Perspektiewe van die Reg
Forensiese Reg
Gedwonge Migrasie en Kinderregte
Gelykheid in Diensverband
Geselekteerde Vraagstukke in Internasionale Arbeidsreg en Sosiale Sekerheidsreg
Geselekteerde Vraagstukke in Kollektiewe Arbeidsreg
Gevorderde Kontraktereg

Gevorderde Maatskappyereg
Indiensnemingsregte
Intellektuele Goedereg in die Digitale Omgewing
Internasionale Belastingreg
Internasionale Kommersiële Arbitrasie
Internasionale Koopreg
Internasionale Reg en Kinderregte
Internasionale Strafreg
Korporatiewe Verkrygings
Mededingingsreg
Mediese Reg
Outeursreg
Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe
Regsaspekte van Wêreld- en Streekshandel
Seevervoer van Goedere
Staatsverkrygingsregulering
Trustreg
Volhoubare Ontwikkelingsreg
Wêreldwye Litigasie

Navorsingswerkstuk

Jy moet 'n navorsingswerkstuk oor 'n onderwerp wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, onder toesig van 'n studieleier voltooi. Die lengte van die navorsingswerkstuk is 15 000 tot 20 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit).

4.5.2 LLM in Arbeidsreg

Inhoud van die program

Hierdie gespesialiseerde program fokus op gevorderde arbeidsreg.

Modules

Gelykheid in Diensverband
Geselekteerde Vraagstukke in Internasionale Arbeids- en Sosiale Sekerheidsreg
Geselekteerde Vraagstukke in Kollektiewe Arbeidsreg
Indiensnemingsregte

Navorsingswerkstuk

Jy moet 'n navorsingswerkstuk oor 'n onderwerp wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, onder toesig van 'n studieleier voltooi. Die lengte van die navorsingswerkstuk is 15 000 tot 20 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit).

4.5.3 LLM in Internasionale Handelsreg

Inhoud van die program

Hierdie gespesialiseerde program fokus op internasionale besigheidstransaksies, kommersiële arbitrasie, betalingsinstrumente en seevervoer.

Modules

Kies vier modules uit die volgende lys:

Betaling en Waarborge in Internasionale Kontrakte
Gevorderde Kontraktereg
Internasionale Belastingreg
Internasionale Kommersiële Arbitrasie
Internasionale Koopreg
Regsaspekte van Wêreld- en Streekhandel
Seevervoer van Goedere
Volhoubare Ontwikkelingsreg

Navorsingswerkstuk

Jy moet ŉ navorsingswerkstuk oor ŉ onderwerp wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, onder toesig van ŉ studieleier voltooi. Die lengte van die navorsingswerkstuk is 15 000 tot 20 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit).

4.5.4 LLM in Intellektuele Goedereregreg

Inhoud van die program

Hierdie is ŉ gespesialiseerde LLM in intellektuele goedereregreg.

Modules

Outeursreg
Die Reg op Handelsmerke
Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe
Intellektuele Goedereregreg in die Digitale Omgewing *of*
Mededingingsreg *of*
Ekonomiese Perspektiewe van die Reg

Navorsingswerkstuk

Jy moet ŉ navorsingswerkstuk oor ŉ onderwerp wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, onder toesig van ŉ studieleier voltooi. Die lengte van die navorsingswerkstuk is 15 000 tot 20 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit).

4.5.5 LLM in Alternatiewe Geskilbeslegting

Inhoud van die program

Hierdie is 'n gespesialiseerde LLM in alternatiewe geskilbeslegting.

Modules

Internasionale Kommersiële Arbitrasie
Mediasie
Gespesialiseerde Geskilbeslegtingstegnieke
Internasionale Koopreg *of*
Indiensnemingsregte *of*
Volhoubare Ontwikkelingsreg *of*
Staatsverkrygingsreg

Navorsingswerkstuk

Jy moet 'n navorsingswerkstuk oor 'n onderwerp wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, onder toesig van 'n studieleier voltooi. Die lengte van die navorsingswerkstuk is 15 000 tot 20 000 woorde (voetnote ingesluit, maar bibliografie uitgesluit).

5. Die LLD-program

Bo en behalwe die bepalings hieronder, raadpleeg ook die Nagraadse Gids op die Fakulteitswebtuiste by www.sun.ac.za/law.

5.1 Toelatingsvereistes

Jy moet oor die volgende beskik om aansoek te doen om 'n doktorsgraadprogram in die Regsgeleerdheid te volg. Die Senaat oorweeg elke aansoek op meriete.

- 'n LLM-graad, *of*
- 'n LLB-graad van die Universiteit of 'n ander gelykwaardige baccalaureusgraad in die Regsgeleerdheid (uitgesonderd die BProc- en BIuris-graad) wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het en toepaslike akademiese of professionele ondervinding, *of*
- 'n standaard van bekwaamheid in die Regsgeleerdheid wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.

Bykomende vereistes om aansoek te doen om 'n doktorsgraadprogram in die Regsgeleerdheid te volg

- Jy moet toon dat jy voldoende potensiaal het om 'n sukses te maak van doktorale studies. In hierdie verband:
  - Moet jy die finale jaar van die LLM (of waar van toepassing die LLB of ander gelykwaardige baccalaureusgraad in die Regsgeleerdheid) met 'n gemiddelde van ten minste 65% (of die internasionale ekwivalent) slaag; *of*
  - Mag jy 'n aanbeveling van 'n moontlike promotor aanvra en verkry om vrystelling van die minimum punt van 65%. Vir so 'n versoek om oorweeg te word, moet jy 'n oorsig van die voorgenome studie in nie meer as 600 woorde nie by jou potensiële promotor inlewer, asook 'n voorbeeld van vorige navorsing van ongeveer 2 000

woorde. Jou potensiële promotor moet bevestig dat hy of sy die kapasiteit het om die funksie van promotor te verrig. Jou potensiële promotor moet by wyse van skriftelike motivering en aanbeveling die vrystelling aan die Navorsingskomitee voorlê vir goedkeuring.

5.2 Aansoekprosedure

Doen skriftelik aansoek. Jy kan 'n volledige uiteensetting van die aansoekprosedure van die Fakulteitswebwerf aflaai by www.sun.ac.za/law. Kies "Nagraads" by "Grade en Diplomas" en kliek op die skakel onder die opskrif "LLD".

5.3 Duur van program en voortgesette registrasie

Die minimum tydperk vir 'n doktorsgraad is twee jaar. Die maksimum is vyf agtereenvolgende jare van registrasie. Die bepalings vir voortgesette registrasie wat in a) tot e) hieronder uiteengesit word, geld hier.

As jy na die maksimum tydperk van vyf jaar weer wil registreer, moet jy spesiale toestemming van die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid kry. Die aanbeveling van die Dekaan om voortgesette registrasie goed te keur (of te verwerp) moet goedgekeur word deur die Fakulteitsraad, wat die besluit in die Mededelingsrapport aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat (UK(S)) en die Senaat sal rapporteer.

Let op dat die Senaat jou studie mag beëindig op aanbeveling van die Fakulteitsraad volgens die prosedure wat in a) tot e) uiteengesit word, selfs al het jy nog nie die maksimum tydperk van vyf jaar vir voortgesette registrasie oorskry nie.

Bepalings vir voortgesette registrasie

a) Ongeag of jy voltyds of deeltyds geregistreer is, moet jy minstens een keer per jaar (teen 1 Oktober) skriftelik verslag doen aan jou promotor en in besonderhede uiteensit watter vordering jy gemaak het met jou voorstel en/of spesifieke hoofstukke gedurende die verslagdoeningstydperk.

b) Die promotor moet jaarliks skriftelik verslag doen aan die voorsitter van die Navorsingskomitee oor jou vordering in die verslagdoeningstydperk. Die promotor moet in besonderhede uiteensit:
   - watter voorstel en/of hoofstukke ingedien is, gelees is, op kommentaar gelewer is, en reggestel is;
   - hoe gereeld die promotor jou in die periode gesien het; en
   - wat die verwagte datum van voltooiing is (verkieslik met 'n gedetailleerde werkskedule).

   Die promotor moet spesifiseer of hy of sy jou vordering in die voorafgaande periode bevredigend vind; met ander woorde, of jy die graad waarskynlik binne drie jaar vanaf registrasie (met ander woorde binne die minimum tydperk van twee jaar plus een addisionele jaar) sal voltooi of nie.

   Jy moet die geleentheid kry om die verslag van die promotor aan die voorsitter van die Navorsingskomitee te sien en om daarop te reageer indien jy sou wou. Stuur jou reaksie aan die voorsitter van die Navorsingskomitee en sluit jou promotor in by jou reaksie.

c) Tot die einde van die tweede jaar van die tydperk van drie jaar (die minimum tydperk van twee jaar plus een addisionele jaar), is bevredigende vordering volgens die verslagdoeningsproses voldoende vir die oorweging van herregistrasie. Herregistrasie word oorweeg en goedkeuring (of verwerping) vir voortgesette registrasie word deur die Navorsingskomitee aanbeveel. Die Navorsingskomitee se aanbeveling om voortgesette registrasie goed te keur (of te verwerp) moet goedgekeur word deur die Fakulteitsraad. Indien jou studie beëindig moet word, byvoorbeeld as gevolg van onbevredigende vordering, beveel die Navorsingskomitee dit by die Fakulteitsraad aan, sodat die Fakulteitsraad dit by die Uitvoerende Komitee van die Senaat (UK(S)) en die Senaat kan aanbeveel.

d) Indien dit teen September van jaar drie duidelik blyk dat jy nie die graad in die drie jaar tydperk sal voltooi nie, moet jy skriftelik verslag doen aan jou promotor en aansoek doen vir goedkeuring om vir nog ’n jaar te mag registreer (die vierde jaar). Jou aansoek moet teen 1 Oktober van die derde jaar ingedien word en moet die volgende in besonderhede uiteensit:

- die werk wat voltooi is (dus gelees deur promotor, op kommentaar gelewer en reggestel),
- die werk wat nog gedoen moet word, en
- ’n skedule vir die voltooiing van die uitstaande werk gedurende die volgende jaar (die vierde jaar).

Die promotor moet verslag doen aan die voorsitter van die Navorsingskomitee, met verwysing na jou verslag en aansoek om herregistrasie, en aandui of hy of sy jou aansoek ondersteun en of die voorgestelde skedule vir voltooiing realisties is.

Jy moet die geleentheid kry om die verslag van die promotor aan die voorsitter van die Navorsingskomitee te sien en om daarop te reageer indien jy sou wou. Stuur jou reaksie aan die voorsitter van die Navorsingskomitee en sluit jou promotor in by jou reaksie.

Herregistrasie word oorweeg en goedkeuring (of verwerping) vir voortgesette registrasie word deur die Navorsingskomitee aanbeveel. Die Navorsingskomitee se aanbeveling om voortgesette registrasie goed te keur (of te verwerp) moet goedgekeur word deur die Fakulteitsraad. Indien jou studie beëindig moet word, byvoorbeeld as gevolg van onbevredigende vordering, beveel die Navorsingskomitee dit by die Fakulteitsraad aan, sodat die Fakulteitsraad dit by die Uitvoerende Komitee van die Senaat (UK(S)) en die Senaat kan aanbeveel.

e) Indien jy goedkeuring gekry het om vir nog ’n jaar (die vierde jaar) te registreer en dit word duidelik teen 1 Oktober (van die vierde jaar) dat jy nie die graad in daardie jaar gaan voltooi nie, kan jy aansoek doen om herregistrasie vir nog een jaar (die vyfde jaar). Volg dieselfde proses soos uiteengesit in d).

Indien jou promotor die aansoek ondersteun, mag jy toestemming kry vir herregistrasie vir nog een addisionele jaar (die vyfde jaar).

Die Navorsingskomitee oorweeg jou herregistrasie en maak ’n aanbeveling aan die Fakulteitsraad. Herregistrasie word oorweeg en goedkeuring (of verwerping) vir voortgesette registrasie word deur die Navorsingskomitee aanbeveel. Die Navorsingskomitee

se aanbeveling om voortgesette registrasie goed te keur (of te verwerp) moet goedgekeur word deur die Fakulteitsraad. Indien jou studie beëindig moet word, byvoorbeeld as gevolg van onbevredigende vordering, beveel die Navorsingskomitee dit by die Fakulteitsraad aan, sodat die Fakulteitsraad dit by die Uitvoerende Komitee van die Senaat (UK(S)) en die Senaat kan aanbeveel.

5.4 Vereistes vir verwerwing

Die LLD-graad word aan jou toegeken indien jy:

- minstens twee jaar lank as student vir die doktorsgraad in Regsgeleerdheid aan die Universiteit ingeskryf was; *en*
- minstens twee jaar lank ŉ goedgekeurde leergang van navorsing aan die Universiteit of op ŉ ander plek wat deur die Senaat goedgekeur is, gevolg het; *en*
- ŉ aanvaarbare proefskrif ingelewer het en enige aanvullende navorsing wat deur die promotor vereis is, gedoen het; *en*
- ŉ suksesvolle mondelinge eksamen afgelê het, behalwe indien vrystelling verleen is.

5.5 Spesifikasies vir die proefskrif

- Vir die spesifikasies wat vir proefskrifte geld, asook ander inligting oor doktorsgrade in die algemeen, moet jy die afdeling oor doktorsgrade in Deel 1 van die Jaarboek raadpleeg.
- Let daarop dat die enigste aanvaarbare formaat vir ŉ doktorale proefskrif in die Fakulteit Regsgeleerdheid die formaat is wat by paragraaf 6.9.5.1 in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek verskyn; dus, ŉ inleiding gevolg deur hoofstukke, gevolg deur ŉ opsomming van die navorsingsresultate wat aandui watter wetenskaplike bydrae deur die studie gemaak word.

5.6 Navrae

Die Fakulteitsadministrateur, mnr Shirle Cornelissen, tel. 021 808 9111, e-pos: shirle@sun.ac.za.

Vakke, Modules en Module-inhoude

1. Definisies en verduideliking van belangrike terme

Om die inligting in hierdie hoofstuk ten volle te begryp en te kan gebruik, is dit belangrik dat jy kennis neem van 'n paar terme se definisies. Die onderstaande voorbeeld dui aan hoe die terme in die res van hierdie hoofstuk sal verskyn.

Voorbeeld:

17914 Privaatreg

171 (24) Privaatreg (3L, 1T)

1.1 Verduideliking van terme in die voorbeeld

- *Vyfsyfer-vaknommer* – 17914 Privaatreg
  Elke vak word aan hierdie vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer.
- *Vaknaam* – 17914 Privaatreg
  Die spesifieke vak se vaknommer en naam word aangedui voordat die verskillende modules van die vak aangebied word. Normaalweg word die vaknaam in die Jaarboek gevolg deur die modulekode en die kredietwaarde van die spesifieke kode, soos byvoorbeeld in hierdie geval: Privaatreg 171(24).
- *Modulekode* – **171** (**24**) **Privaatreg**
  Die modulekode bestaan uit 'n drie-syfernommer wat uniek is tot die spesifieke module. Die modulekode "171" beteken die volgende:
  - Die eerste syfer dui die jaargang aan waarin die module aangebied word byvoorbeeld:
    *Jaar 1: **1**71*
    *Jaar 2: **2**71*
    *Jaar 3: **3**71*
    *Nagraadse diploma: **7**11*
    *LLM-module: **8**11*
  - Die tweede syfer, in die voorbeeld "7", dui die semester aan waarin die module aangebied word en dien ook as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang. Die Universiteit gebruik verskillende syfers om die bepaalde semester aan te dui waarin 'n module aangebied word, hetsy die eerste semester, die tweede semester of modules wat oor beide semesters strek (dit wil sê jaarmodules). Die syfers wat die semesters aandui lyk as volg:
    - **1**, **2** of **3** – modules word in die eerste semester aangebied.

*Semester 1: 2**1**4, 3**2**4, 3**3**4*

- **4**, **5** of **6** – modules word in die tweede semester aangebied.

  *Semester 2: 3**4**2, 3**5**4, 3**6**4*

- **7**, **8** of **9** – modules word in beide semesters aangebied, dit wil sê jaarmodules.

  *Jaarmodules (beide semesters): 2**7**8, 2**8**8, 3**9**1*

- Die derde syfer van die module kode, in hierdie geval "1", dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.
- **Let wel:** By van die nagraadse modules word daar in hierdie Jaarboekdeel afgewyk van die patroon in die voorbeeld. Die vyfsyfer-vaknommer en die driesyfer-modulekode word in hierdie nagraadse modules aaneenlopend aangedui, byvoorbeeld: **11470 – 812 (30) Betaling en Waarborge in Internasionale Kontrakte**.

- *Kredietwaarde* – **171 (24) Privaatreg**

  Die getal tussen hakies na die modulekode dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word, in hierdie geval 24.

  Privaatreg 171(24) is dus 'n module wat oor twee semesters van die eerste jaar aangebied word en jy verwerf 24 krediete daarvoor.

- *Module-onderwerp* – **171 (24) Privaatreg**

  Hierdie dui die onderwerp aan wat in hierdie spesifieke module hanteer sal word.

- *Doseerlading* – **(3L, 1T)**

  Die doseerlading van 'n module gee vir jou beide die lading en die soort dosering per week wat jy in die module kan verwag. Jy kan byvoorbeeld vir die module Privaatreg 171(24) drie lesings en een tutoriaalperiode elke week vir die duur van die module verwag. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:

  - **L** – Lesing van 50 minute, byvoorbeeld 3L
  - **P** – Praktikumperiode van 50 minute, byvoorbeeld 1P, 2P, 3P
  - **S** – Seminaar van 50 minute, byvoorbeeld 1S
  - **T** – Tutoriaal van 50 minute, byvoorbeeld 1T, 2T

2. Assessering van modules

Modules word deur middel van toetse en eksamens geassesseer tensy dit anders in die module-inhoude aangedui word. Om meer uit te vind oor die verskillende assesseringmetodes kan jy die afdeling "Eksamen- en Promosiebepalings" in Deel 1 van die Jaarboek raadpleeg.

3. Slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules

Onderaan modules se inhoude word, waar toepaslik, die slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende afkortings word gebruik:

- **S** – Slaagvoorvereiste module
  - ŉ Slaagvoorvereiste module is ŉ module wat jy eers moet slaag voordat jy die module(s) waarvoor dit ŉ slaagvoorvereiste is, kan volg.
- **V** – Voorvereiste module
  - ŉ Voorvereiste module is ŉ module waarin jy ŉ klaspunt van minstens 40, of ŉ prestasiepunt van minstens 40 in die geval van ŉ module wat buigsaam geassesseer word, moet behaal voordat jy die studie in die module waarvoor dit ŉ voorvereiste is, mag voortsit.
- **N** – Newevereiste module
  - ŉ Newevereiste module is ŉ module wat jy vóór of in dieselfde akademiese jaar moet volg as die module waarmee dit verband hou.

Let wel: Net na hierdie hoofstuk oor vakke, modules en module-inhoude, verskyn Bylaag 1 waar al die slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes in ŉ tabel saamgevat word.

3.1 Voorwaarde vir die toekenning van ŉ kwalifikasie of graad

Die Fakulteit sal slegs ŉ kwalifikasie toeken indien jy ál die voorgeskrewe modules van die spesifieke graadprogram geslaag het.

4. Voorgraadse vakke, modules en module-inhoude

Die voorgraadse vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings en module-inhoude word hieronder aangebied.

4.1 Departement Handelsreg

41599 Belastingreg

411 (12) Belastingreg (3L)

Inkomstebelastingreg:
Reg insake inkomstebelasting: inleiding tot belastingreg; bruto inkomste; spesiale insluitings; algemene aftrekkings; spesiale aftrekkings; belasting op kapitaalwins; belastingadministrasie en addisionele belasting.

1 vraestel van 2 uur

N Handelsreg 471

441 (12) Belastingreg (2L)

Regsaspekte van belasting op geskenke; boedelbelasting; boedelbeplanning; belasting op toegevoegde waarde; hereregte en ander belastings.

1 vraestel van 2 uur

V Belastingreg 411

442 (12) Belastingreg (2L)

Capita selecta uit die inkomstebelastingreg word bestudeer. Onderwerpe wat gedek word, is onder meer korporatiewe en individuele inkomstebelasting; trusts; LBS; arbeidsmakelaars en persoonlike diensverskaffers; belasbaarheid van byvoordele; belastingvermyding.

1 vraestel van 2 uur

V Belastingreg 411

37273 Handelsreg

311 (12) Handelsreg (2L)

Individuele en kollektiewe Arbeidsreg; beslegting van handelsgeskille.

1 vraestel van 1½ uur

N Privaatreg 372

312 (12) Handelsreg (2L)

Insolvensiereg en sekwestrasieprosedures.

1 vraestel van 1½ uur

N Privaatreg 372

441 (12) Handelsreg (2L)

Gevorderde Arbeidsreg:
Capita selecta uit Arbeidsreg.

1 vraestel van 2 uur

V Handelsreg 311

442 (12) Handelsreg (2L)

Beslegting van handelsgeskille:
Capita selecta uit die regsaspekte van alternatiewe geskilbeslegting met insluiting van:

Kommersiële arbitrasie: wetgewing, regspraak en praktyk; Bemiddeling; Onderhandeling; Basiese beginsels van internasionale kommersiële arbitrasie.

1 vraestel van 2 uur

N Siviele Prosesreg 371
N Privaatreg 372

Opmerkings
1. Al die komponente word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.
2. Slegs 'n beperkte getal gekeurde studente mag die komponente oor onderhandeling en bemiddeling neem. Onderhandeling en bemiddeling sal dus teenoor bykomende werk t.o.v. komponente 1 en 4 gestel word en studente wat nie gekeur word nie moet daardie komponente neem.

443 (12) Handelsreg (2L)

Gevorderde Maatskappyereg:
Openbare uitgifte deur maatskappye en daarmee samehangende kwessies soos die wetregtelike struktuur van finansiële markte en binnekennistransaksies; Maatskappye-reorganisasies en -oornames, insluitend minderheidsbeskerming; korporatiewe bestuur; ondernemingsredding.

1 vraestel van 2 uur

N Handelsreg 471
S Privaatreg 372

444 (12) Handelsreg (2L)

Versekeringsreg:
Historiese oorsig; soorte versekering; inhoud van 'n versekeringskontrak; wanvoorstelling en mededelingsplig by versekering; subrogasie; oorsig oor versekeringswetgewing; regsaspekte van beheer oor finansiële instellings.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 372

445 (12) Handelsreg (2L)

Mededingingsreg:
Die regsreëls wat mededinging in markte moet bevorder; die ekonomiese onderbou van hierdie reëls, die struktuur van relevante wetgewing en owerheidsinstellings, afdwinging van die mededingingsreg, en die verskillende aspekte van die substantiewe mededingingsreg; beperkende praktyke, misbruik van dominasie en oornames.

1 vraestel van 2 uur

446 (12) Handelsreg (1S)

Skripsie:
Normaalweg mag slegs studente wat 'n gemiddeld van minstens 60% in die voorfinale jaar van die LLB behaal het vir die skripsiekeuse registreer.

447 (12) Handelsreg (2L)

Internetreg:
Regsbeginsels met betrekking tot die internet as elektroniese kommunikasie- en transaksiemiddel, ingeslote databeskerming, privaatheid en onderskepping van elektroniese kommunikasies, elektroniese kontraksluiting en betalingsmetodes, kubermisdaad en digitale bewyslewering, verbruikersbeskerming en elektroniese handel, digitale aspekte van intellektuele eiendomsreg, internasionale handelsreg met betrekking tot rekenaartegnologie en vryheid van uitdrukking in die digitale omgewing.

1 vraestel van 2 uur

448 (12) Handelsreg (2L)

Vervoer van goedere:
Admiraliteitspraktyk en kontrakte vir die vervoer van goedere op see: toepaslike wetgewing en regulerende maatreëls; 'n caput uit maritieme reg (berging, wrak, seeversekering of veiligheid ter see). Vergelykings sal ook met die pad-, spoor- en lugvervoer van goedere getref word.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 372
V Siviele Prosesreg 371

449 (12) Handelsreg (2L, 0.5S)

Bank-kliënteverhouding, tjeks en wissels; hedendaagse binnelandse en internasionale betalingsmetodes; binnelandse en internasionale banktoesig.

1 vraestel van 1½ uur

S Privaatreg 372

471 (32) Handelsreg (4L)

Reg van ondernemingsvorme:
Die reg met betrekking tot die struktuur, finansiering en bestuur van ondernemingsvorme, veral maatskappye.

1 vraestel van 3 uur

V Handelsreg 311 en 312
V Privaatreg 372

11254 Intellektuele Goedereg

441 (12) Intellektuele Goedereg (2L)

Beginsels van die Suid-Afrikaanse reg van toepassing op die beskerming van intellektuele eiendom: outeursreg, handelsmerke en onregmatige mededinging.

1 vraestel van 2 uur

48089 Rekeningkunde vir Regstudente

441 (12) Rekeningkunde vir Regstudente (2L)

Doel van rekeningkunde-rekords; basiese begrippe van dubbelinskrywing; eienaarsbelang; rekeningpligtige tydperk; kapitale en bedryfsinkomste; uitgawes en winste; rekeningkundige siklus; teboekstelling van finansiële gegewens met spesiale verwysing na die rekords (statutêr en ander) wat in ŉ prokureurspraktyk gehou word; die rekeninge van vennote; die opstel en aanbieding van finansiële verslae met besondere verwysing na maatskappyrekeninge.

1 vraestel van 3 uur

Opmerking
Hierdie module word deur die Departement Rekeningkunde aangebied en mag nie deur ŉ student gevolg word wat reeds Finansiële Rekeningkunde 188 en 288 geslaag het nie.

4.2 Departement Privaatreg

13887 Inheemse Gewoontereg

171 (24) Inheemse Gewoontereg (3L, 1T)

Inleiding tot multi-kulturalisme en regspluralisme in Suid-Afrika; oorsig van tradisionele en moderne Suid-Afrikaanse Inheemsregtelike Persone-, Familie-, Sake-, Erf-, Kontrakte-, Delikte-, Straf- en Prosesreg en die Konflikteregreëls.

1 vraestel van 2 uur

23906 Internasionale Privaatreg

451 (12) Internasionale Privaatreg (2L)

Die geskiedenis en sisteem van die stel reëls wat Suid-Afrikaanse howe volg om vas te stel watter regstelsel ŉ bepaalde aangeleentheid beheers waar daar ŉ buitelandse element is; die keuse van die toepaslike reg in kwessies rakende persone- en familiereg, kontrakte, delikte en eiendom; die plaaslike erkenning en afdwinging van buitelandse hofuitsprake; die bewys van vreemde reg in plaaslike howe; verbandhoudende konseptuele probleme.

1 vraestel van 2 uur

V Privaatreg 372, 373

48070 Inleiding tot die Reg

171 (24) Inleiding tot die Reg (3L, 1T)

Grondslae en historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Reg; Handves van Menseregte; regsvaardighede (onderrig en praktiese opleiding ten opsigte van die gebruik van Suid-Afrikaanse regsbronne, byvoorbeeld wetgewing, gerapporteerde regspraak, gemeenregtelike skrywers, regsdatabasisse, regstydskrifte); wat is die reg?; inleiding tot die regspleging en die regsprofessie in Suid-Afrika; die teorie van subjektiewe regte; indeling van die reg; aspekte van die Strafreg; inleiding tot die Strafprosesreg; inleiding tot die Siviele Prosesreg en Bewysreg; regsfeite.

1 vraestel van 2 uur

58386 Praktiese Regsopleiding

471 (24) Praktiese Regsopleiding (2L, 1S)

Gevorderde onderrig en praktiese opleiding ten opsigte van die gebruik van Suid-Afrikaanse en buitelandse regsbronne; verdere ontwikkeling van rekenaarvaardigheid vir gebruik van regs-databasisse en benutting van regsbronnelyste; toegepaste regsnavorsing; professionele etiek; regshulp; basiese boedelbereddering. ‘legal drafting’; praktiese regsaspekte van gedingvoering; praktiese opleiding in die Regskliniek; skynhof en gesimuleerde geskilbeslegting.

Buigsame assessering

S Siviele Prosesreg 371
S Privaatreg 372, 373

Opmerkings

1. Slegs ’n beperkte getal gekeurde studente mag hierdie module volg. Keuring geskied op grond van studente se prestasies in Siviele Prosesreg 371, regs- en gemeenskaps-dienservaring en verwante oorwegings.
2. Studente wat hierdie module volg, word vrygestel van die toets en eksamen in die Praktyk en Prosedure-gedeelte van Regsvaardighede 411 en mag nie vir laasgenoemde module inskryf nie.
3. Studente wat hulle studies as uitruilstudente by universiteite in Europa tydens die tweede semester voortsit, mag nie vir hierdie module inskryf nie.

17914 Privaatreg

171 (24) Privaatreg (3L, 1T)

Personereg:
Die invloed van die Handves van Regte op die Personereg; natuurlike- en regspersoonlikheid; die status van 'n natuurlike persoon; faktore wat status beïnvloed (ouderdom, domisilie, geestesgesondheid); ouerlike verantwoordelikhede en regte.

Familiereg:
Die invloed van die Handves van Regte op die Familiereg; geldigheidsvereistes vir die sluit van 'n verlowing en 'n huwelik; persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van huweliksluiting; huweliksgoedereg; gronde vir en gevolge van egskeiding.

1 vraestel van 2 uur

N Inleiding tot die Reg 171

272 (16) Privaatreg (2L)

Sakereg:
Inleiding tot sakereg; die begrip saak; die verskil tussen persoonlike en saaklike regte; besit; inhoud, verkryging en beskerming van eiendomsreg; mede-eiendom; die eiendomsklousule; basiese beginsels van grondhervorming; serwitute; pand, verband, notariële verband en geregtelike pand.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 171
V Inleiding tot die Reg 171
N Privaatreg 273

273 (16) Privaatreg (2L)

Erfreg:
Basiese beginsels rakende intestate en testate erfopvolging; intestate erfopvolging; formaliteite by die verlyding, wysiging en herroeping van testamente; die bevoegdheid om te erf; die inhoud van testamente; boedelsamesmelting en eleksie; aanwas; kontraktuele erfopvolging; die interpretasie en rektifikasie van testamente; boedelbereddering.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 171
V Inleiding tot die Reg 171
N Privaatreg 272

372 (32) Privaatreg (4L)

Kontraktereg:
Die verbintenis; vereistes vir ŉ geldige kontrak, nl. wilsooreenstemming, handelingsbevoegdheid, formaliteite, moontlikheid van prestasie, geoorloofdheid van prestasie, bepaalde of bepaalbare prestasie; verbintenisse uit ooreenkoms; voldoening van die verbintenis; kontrakbreuk en die middels by kontrakbreuk; oordrag en uitwissing van vorderingsregte, verteenwoordiging en volmag.

1 vraestel van 3 uur

S Inleiding tot die Reg 171
S Privaatreg 272, 273
V Romeinse Reg 271
N Staatsreg 271
N Privaatreg 373

373 (32) Privaatreg (4L)

Onregmatige dade:
Die begrip onregmatige daad; historiese ontwikkeling van die lex Aquilia en die actio iniuriarum; elemente van die onregmatige daad: onregmatigheid, handeling, skuld, veroorsaking, skade; remedies; besondere verskyningsvorme van Aquiliese aanspreeklikheid en iniuria; skuldlose aanspreeklikheid; die derdeparty-vergoedingstelsel by motorvoertuigongelukke.

1 vraestel van 3 uur

S Inleiding tot die Reg 171
S Privaatreg 272, 273
V Romeinse Reg 271
N Staatsreg 271
N Privaatreg 372

411 (12) Privaatreg (2L, 1S)

Die aard, inhoud en regsgevolge van die koop-, huur- en borgkontrak; sessie.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 372

441 (12) Privaatreg (1S)

Skripsie:
Normaalweg mag slegs studente wat ŉ gemiddeld van minstens 60% in die voorfinale jaar van die LLB-program behaal het vir die skripsiekeuse registreer.

451 (12) Privaatreg (2L)

Deeltitels; aandeleblokskemas; tyddeelskemas.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 272

452 (12) Privaatreg (2L)

Implikasies van die Handves van Regte vir die Familiereg; regsmediese aspekte van die Familiereg; die ouer-kind verhouding; gesinsmediasie; vorme van lewensgenootskappe (siviele huwelik, burgerlike deelgenootskap, saamwoonverhouding, inheemse huwelik, godsdienstige huwelik).

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 272

453 (12) Privaatreg (2L)

Verbruikersreg en Kredietreg; statutêre meganismes gemik op die beskerming van verbruikers, veral die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 en die Nasionale Kredietwet 34 van 2005.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 372

454 (12) Privaatreg (3L)

Ongeregverdigde verryking:
Ongeregverdigde verryking as ŉ bron van ŉ verpligting om verryking wat sonder regsgrond ten koste van ŉ ander verkry is terug te gee; aspekte van die toepassingsgebiede van die verrykingsreg, insluitend onverskuldigde betalings, oordragte verkry ingevolge mislukte kontrakte, oordragte verkry deur diefstal en bedrog, ongemagtigde verbetering van ŉ ander se eiendom, ongemagtigde betaling van ŉ ander se skuld, en verryking deur inbreuk te maak op ander se regte; die berekening van die omvang van verrykingsaanspreeklikheid.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 372

455 (12) Privaatreg (2L)

Gevorderde Deliktereg:
Belediging, laster en ander verskyningsvorme van iniuria; skuldlose aanspreeklikheid.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 373

457 (12) Privaatreg (2L)

Statutêre Sakereg:
Konstitusionele Eiendomsreg in regsvergelykende perspektief, herverdeling en restitusie van grond, en grondbeheerhervorming in Suid-Afrika.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 272

51527 Regsvaardighede

411 (12) Regsvaardighede (2L)

Gevorderde onderrig en praktiese opleiding ten opsigte van die gebruik van Suid-Afrikaanse en buitelandse regsbronne; verdere ontwikkeling van rekenaarvaardigheid vir gebruik van regsdatabasisse en benutting van regsbronnelyste; toegepaste regsnavorsing; professionele etiek; regshulp; basiese boedelbereddering; die opstel van bepaalde regsdokumente en praktiese aspekte van litigasie.

Buigsame assessering, werkstuk

V Privaatreg 372, 373

18260 Romeinse Reg

271 (24) Romeinse Reg (3L)

Verbintenis-, Sake- en Koopreg in die voorklassieke, klassieke en na-klassieke tyd.

1 vraestel van 3 uur

N Privaatreg 272, 273

51543 Siviele Prosesreg

371 (24) Siviele Prosesreg (2L)

Die funksie van die Siviele Prosesreg in die regsisteem; die algemene beginsels waarop hierdie dissipline berus; die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Siviele Prosesreg; die bronne van die Siviele Prosesreg; die samestelling en jurisdiksie van die regsprekende gesag; 'n oorsig van die verloop van die litigasieproses in die hoë howe en die landdroshowe; enkele besondere prosedures.

1 vraestel van 2 uur

S Privaatreg 171

4.3 Departement Publiekreg

49409 Administratiefreg

411 (16) Administratiefreg (2L, 1S)

Grondslae en bronne van die Administratiefreg; die administratiefregtelike verhouding; verskillende soorte administratiewe handelinge; geldigheidsvereistes vir administratiewe handelinge; geregtelike kontrole van administratiewe handelinge; grondwetlike bepalings.

1 vraestel van 2 uur

S Staatsreg 271

V Staatsreg 312

41629 Bewysreg

471 (20) Bewysreg (2L)

Geskiedenis en bronne van die Suid-Afrikaanse Bewysreg; reëls t.o.v. relevantheid, karakter, opinie, hoorsê, erkennings en bekentenisse; privilegies; getuies; soorte getuienis; stawing; bewyslas en vermoedens; die Bewysreg en die Grondwet.

1 vraestel van 2 uur

S Staatsreg 271

59811 Internasionale Reg

341 (12) Internasionale Reg (2L, 1T)

Inleiding tot die internasionale reg; ŉ oorsig oor die grondbeginsels wat internasionale betrekkinge reguleer; die subjekte van internasionale reg; die bronne van internasionale reg; die verhouding tussen nasionale en internasionale reg volgens die Grondwet van Suid-Afrika; grondgebied, jurisdiksie en jurisdiksionele immuniteit; staatsverantwoordelikheid in internasionale reg; internasionale geskilbeslegting, inleiding tot die Verenigde Nasies en die struktuur van die Verenigde Nasies.

Buigsame assessering

V Staatsreg 271

451 (12) Internasionale Reg (2L)

Ontleding van die beskerming van menseregte ingevolge internasionale en regionale reg; die internasionale en regionale klagtemeganismes wat met skendings van menseregte verband hou; en die remedies wat beskikbaar is aan individue of groepe wat herstel van menseregteskendings wat buite die binnelandse jurisdiksie val, verlang.

Buigsame assessering

V Internasionale Reg 341

41637 Publiekreg

451 (12) Publiekreg (1S)

Skripsie:
Normaalweg mag slegs studente met ŉ gemiddeld van minstens 60% vir die voorfinale jaar van die LLB vir die skripsiekeuse registreer.

60704 Omgewingsreg

451 (12) Omgewingsreg (2L)

Hierdie module verskaf 'n inleiding tot Omgewingsreg in die volgende drie breë, maar tog verwante omgewingskwessies: die gebruik en beskerming van natuurlike bronne, besoedelingskontrole en afvalbestuur, grondgebruikbeplanning en omgewingsimpakbepaling. Dit word gedoen deur onderskeie areas van die reg te ondersoek, insluitend die Handves van Menseregte, Administratiefreg, Strafreg en Internasionale Omgewingsreg.

1 vraestel van 2 uur

S Internasionale Reg 341
S Administratiefreg 411

53333 Regsfilosofie

341 (12) Regsfilosofie (2L, 1S)

'n Inleiding tot regsfilosofiese konsepte en metodes met besondere verwysing na elementêre wetenskapsteoretiese en wetenskapsfilosofiese kwessies en temas uit die geskiedenis van die Westerse en Afrika-denke oor reg en geregtigheid.

Buigsame assessering

451 (12) Regsfilosofie (2L)

Regsfilosofiese capita selecta word in oorleg met die studente bepaal. Die volgende is voorbeelde van moontlikhede: toespitsing op bepaalde temas of denkers uit die geskiedenis van die regsfilosofie; die verhouding reg/etiek met toespitsing op eietydse regsetiese en bio-etiese kwessies; burgerlike ongehoorsaamheid; reg in 'n Afrika-konteks; die geregtigheidstema; strominge en tendense in die Suid-Afrikaanse regsdenke; elementêre regsosiologie; kritiek op die regspleging en regbank; "critical legal studies".

Buigsame assessering

V Regsfilosofie 341

12761 Skryfvaardighede

171 (10) Skryfvaardighede (1L, 1T)

Hierdie module fokus op die ontwikkeling van lees-, skryf- en denkvaardighede binne die akademiese omgewing in die algemeen en spesifiek binne die regskonteks.

Buigsame assessering

44342 Staatsreg

271 (26) Staatsreg (2L, 1S)

Grondbegrippe van die Publiekreg:
Konstitusionalisme, regstaat en legaliteit, demokrasie, skeiding van magte, devolusie van mag, samewerkende regering.

Algemene beginsels in menseregte-litigasie:
Toepassing van die Handves van Menseregte; locus standi; jurisdiksie van die howe; uitleg en beperking van fundamentele regte; remedies.

Struktuur van regering:
Algemene beginsels onderliggend aan die struktuur van regering; die wetgewende gesag, uitvoerende gesag en regsprekende gesag, nasionale, provinsiale en plaaslike regering.

1 vraestel van 3 uur

V Inleiding tot die Reg 171 (uitgesonderd nagraadse driejaar-LLB-studente)

312 (12) Staatsreg (2L, 1T)

Die inhoud en toepassing van bepaalde regte in die Handves van Regte, byvoorbeeld lewe, vryheid en sekerheid van die persoon, gelykheid, politieke regte, sosio-ekonomiese en kulturele regte, omgewingsregte, vryheid van uitdrukking, vryheid van godsdiens, toegang tot die howe en toegang tot inligting. Die module sluit ook bepaalde temas in, byvoorbeeld remedies vir menseregteskendings en die rol van menseregtelitigasie en beregting onder ŉ transformerende Grondwet.

Buigsame assessering

S Staatsreg 271

451 (12) Staatsreg (2L)

Capita selecta uit onderwerpe soos die volgende: die grondwetlike reg op toegang tot inligting en meegaande wetgewing; wetgewing en strukture geskep ter uitvoering van die grondwetlike reg op gelykheid, insluitend gelykheidshowe; die verhouding tussen die verskillende staatsvertakkinge (wetgewend, regsprekend en uitvoerend) in die uitoefening van en kontrole oor staatsmag;

buitegeregtelike meganismes vir kontrole oor staatsgesag, naamlik die Openbare Beskermer, die Ouditeur-Generaal en die Menseregtekommissie; staatsaanspreeklikheid.

Buigsame assessering

S Staatsreg 271
S Administratiefreg 411

12482 Staatsverkrygingsreg

451 (12) Staatsverkrygingsreg (2L)

Die aard van staatsverkryging en die oogmerke van die staatsverkrygingsreg, sowel plaaslik as internasionaal; die regulering van staatsverkryging in Suid-Afrika en die reg wat van toepassing is op die verskillende fases van die verkrygingsproses; die relevansie en toepassing van die Grondwet en ander wetgewing; die belang en toepassing van vereistes van mededinging, billikheid en deursigtigheid in die verkrygingsproses; die gebruik van staatsverkryging vir beleidsdoeleindes; en die beskikbaarheid van remedies.

Buigsame assessering

S Privaatreg 372
S Administratiefreg 411

37281 Strafreg

171 (24) Strafreg (3L)

Inleiding; strafteorieë; die legaliteitsbeginsel; Strafreg en menseregte; die elemente van misdaad, naamlik handeling, kousaliteit, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid en skuld; deelneming in misdaad; onvoltooide misdade.

Buigsame assessering

451 (12) Strafreg (2L) (T)

Besondere gemeenregtelike en statutêre misdade; capita selecta uit die nasionale en internasionale strafregspleging.

1 vraestel van 2 uur

S Strafprosesreg 271

41610 Strafprosesreg

271 (20) Strafprosesreg (2L)

Ontleding van die strafregplegingstelsel en van strafprosedures; verskillende howe en hulle jurisdiksie; instansies wat vervolg; visentering en beslaglegging; arres; voorlopige ondersoeke; borgtog; aktes van beskuldiging; pleit en prosedure tydens verhoor; vonnisse; strawwe; appèl en hersiening; die strafproses en die Grondwet.

1 vraestel van 2 uur

V Strafreg 171

59838 Uitleg van Wetstekste

211 (12) Uitleg van Wetstekste (2L)

Wets- en grondwetvertolking: teorieë, metodes, strategieë, die plek, rol, gesag en status van wetgewing as regsbron in ŉ nuwe konstitusionele bedeling; die impak van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, op wetsvertolking; die tradisionele kanons van wetsuitleg in die nuwe bedeling en hul toepaslikheid t.o.v. sowel wets- as grondwetvertolking.

1 vraestel van 1½ uur

V Inleiding tot die Reg 171 (uitgesonderd nagraadse driejaar-LLB-studente)
N Staatsreg 271

5. Nagraadse vakke, modules en module-inhoude

Die nagraadse vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings, taalspesifikasie en module-inhoude word hieronder aangebied.

5.1 Nagraadse Diploma in Belastingreg

Die ankermodule vir die Nagraadse Diploma in Belastingreg is Belastingreg 778. Die ankermodule is 120 krediete werd en jy moet al ses submodules voltooi om hierdie krediete te verwerf. Die submodules tel 20 krediete elk.

41599 Belastingreg

778 (120) Belastingreg

10393 – 711 (20) Basiese Beginsels van Inkomstebelastingreg (2L)

Basiese beginsels van inkomstebelastingreg; onderskeid tussen kapitaal en inkomste; algemene aftrekkingsformule; spesifieke aftrekkings; beswaar en appèl; belastingvermyding; belasting-administrasie.

1 vraestel van 4 uur

13943 – 721 (20) Gevorderde Inkomstebelastingreg (2L)

Gevorderde inkomstebelastingreg; belasting op kapitaalwins; belastingbeplanning.

1 vraestel van 4 uur

63142 – 725 (20) Brief van Beswaar: Hoofde van Betoog (2L)

Die opstel van ŉ brief van beswaar en kennisgewing van appèl óf die opstel van hoofde van betoog met die oog op gedingvoering in die belastinghof.

10668 – 722 (20) Regsaspekte van Belasting op Geskenke, Boedelbelasting en Boedelbeplanning (2L)

Regsaspekte van belasting op geskenke, boedelbelasting, boedelbeplanning.

1 vraestel van 3 uur

12271 – 725 (20) Regsaspekte van Belasting op Toegevoegde Waarde en Hereregte (2L)

Regsaspekte van belasting op toegevoegde waarde en hereregte.

1 vraestel van 3 uur

10468 – 762 (20) Internasionale Belastingreg (2L)

Belastingimplikasies van internasionale handel. Onderwerpe wat gedek word sluit onder meer in dubbelbelastingooreenkomste; beheerde buitelandse maatskappye; buitelandse dividende; belasting van nie-inwoners en besighede met buitelandse takke in Suid-Afrika; oordragprysing; dun kapitalisasie en soortgelyke tegnieke; moontlike toekomstige ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse belastingreg.

1 vraestel van 4 uur

5.2 Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereg

Die ankermodule vir die Nagraadse Diploma in Intellektuele Goedereg is Intellektuele Goedereg 778, wat 120 krediete werd is. Die submodules vir Intellektuele Goedereg tel 30 krediete elk en jy moet vier van modules voltooi (in totaal 120 krediete). Kyk die hoofstuk “Nagraadse Programme” vir die keusemoontlikhede.

11254 Intellektuele Goedereg

778 (120) Intellektuele Goedereg

10008 – 711 (30) Die Reg op Handelsmerke (3L)

Inleiding tot die beginsels van die Suid-Afrikaanse Reg op Handelsmerke, met spesifieke onderrig in die Wet op Handelsmerke en ŉ oorsig van toepaslike regspraak. Kort oorsig van die gemeenregtelike aspekte van onregmatige mededinging in handelsmerkgeskille.

1 vraestel van 3 tot 4 uur, 1 mondelinge aanbieding en/of 1 werkopdrag

13866 – 712 (30) Ekonomiese Perspektiewe van die Reg (3L)

Bestudering van ekonomiese ontleding (die teorieë en tegnieke) om regsreëls en remedies te ontleed. Deur sodanige toepassing kan insig bekom word oor die uitwerking wat regsinstellings soos die beskerming van outeursreg, handelsmerke of patente het.

1 vraestel van 3 tot 4 uur, 1 mondelinge aanbieding en/of 1 werkopdrag

10009 – 711 (30) Outeursreg (3L)

Inleiding tot die beginsels van die Suid-Afrikaanse Outeursreg met spesifieke onderrig in die interpretasie van die Wet op Outeursreg en 'n kort oorsig van toonaangewende regspraak. Inleiding tot die beginsels vir die internasionale beskerming van outeursreg en morele regte.

1 vraestel van 3 tot 4 uur, 1 mondelinge aanbieding en/of 1 werkopdrag

10934 – 711 (30) Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe (3L)

Inleiding tot die beginsels van die Suid-Afrikaanse Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe, met spesifieke verwysing na die prosedure vir verkryging van beskerming as 'n patent/ontwerp, afwenteling en oordrag van beskerming en skending van regte.

1 vraestel van 3 tot 4 uur, 1 mondelinge aanbieding en/of 1 werkopdrag

10935 – 711 (30) Intellektuele Goedereregte in die Digitale Omgewing (3L)

Inleiding tot plaaslike, geselekteerde buitelandse, streeks- en internasionale instrumente vir die erkenning en bestuur van intellektuele eiendom voortspruitend uit/verwant aan die digitale media. Aspekte van elektroniese databeskermingsmeganismes, digitaleregtebestuur, outeursreg en handelsmerke op die internet, ingeslote domeinnaam-administrasie en sleutelwoordreklame; regsbeskerming van rekenaarprogramme en webtuistes; siviele en strafregtelike aanspreeklikheid voortspruitend uit die skending van intellektuele goedereregte in digitale werke, ingeslote vervalsing en rowery; uitvoer van intellektuele goedereregte en oorgrensdatavloei.

1 vraestel van 3 tot 4 uur, 1 mondelinge aanbieding en/of 1 werkopdrag

62553 – 711 (30) Mededingingsreg (3L)

In hierdie module word die Suid-Afrikaanse mededingingsreg uit 'n vergelykende perspektief bestudeer. Die belangrikste jurisdiksies vir vergelyking is die Europese Unie en die Verenigde State, maar daar sal ook verwys word na die Duitse, Kanadese, Australiese en Britse reg. In die meeste regsisteme is die fokus van die mededingingsreg op die belang van verbruikers in produksie, dinamiese en verdelende doeltreffendheid.

Die eerste deel van die module evalueer die Suid-Afrikaanse mededingingsreg teen hierdie agtergrond. Die volgende deel het betrekking op die ekonomie van mededinging. Ekonomie is sentraal tot die oplossing van mededingingsprobleme en hierdie deel van die module beoog om aan die student basiese ekonomievaardighede te leer wat nodig is vir hierdie doel. Hierna word die jurisdiksie van mededingingsowerhede en die internasionale dimensie van mededingingsreg beoordeel. Dit word gevolg deur die sentrale deel van die module: die substantiewe mededingingsreg. Die reg aangaande horisontaal en vertikaal beperkende praktyke, misbruik van dominansie en samesmeltings word in besonderhede geëvalueer. Laastens sal 'n kort analise

gedoen word van die instellings wat verantwoordelik is vir die regulering van mededinging en die remedies wat beskikbaar is waar die reëls van die mededingingsreg geskend word.

1 vraestel van 3 tot 4 uur, 1 mondelinge aanbieding en/of 1 werkopdrag

10937 – 714 (30) Intellektuele Goedereregeg: Navorsingsprojek

5.3 Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering

Die ankermodule vir die Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsreg en -regulering is Staatsverkrygingsreg en -regulering 778, wat 120 krediete werd is. Die submodules vir Staatsverkrygingsreg en -regulering tel 30 krediete elk en jy moet vier van modules voltooi (in totaal 120 krediete). Kyk die hoofstuk “Nagraadse Programme” vir die keusemoontlikhede.

14122 Staatsverkrygingsreg en -regulering

778 (120) Staatsverkrygingsreg en -regulering

14114-712 (30) Afdwinging van Staatsverkrygingsreg (2L)

Die module ondersoek die verskeie meganismes wat in staatsverkrygingsreg benut kan word om die reëls van daardie bestel af te dwing. Dit ondersoek beide administratiewe as regterlike meganismes en oorweeg die voordele en nadele van elk.

Buigsame assessering

14116-711 (30) Beleid en Staatsverkrygingsreg (2L)

’n Studie van die rol van staatsverkryging in die implementering van verskeie openbare beleide en die implikasies vir staatsverkrygingsreg. Beleid wat tipies deur staatsverkryging nagestreef word en in die module oorweeg word, sluit in sosiale beleid soos bevordering van gelykheid en verspreiding van kapitaal, omgewingsbeleid en ekonomiese beleid soos nywerheidsontwikkeling en ondersteuning van plaaslike goedere en verskaffers. Die regsmeganismes wat gebruik word om sodanige beleid via staatsverkryging te implementeer word ondersoek.

Buigsame assessering

14119-741 (30) Die Reg en Beleid van Staatsverkryging van Infrastruktuur in Suid-Afrika (2L)

’n Inleiding tot die reg en beleid van staatsverkryging van infrastruktuur in Suid-Afrika. Die module ondersoek die regulering van infrastruktuur staatsverkryging, die beleidsraamwerk en die proses van verkryging van infrastruktuur. Dit gee ’n oorsig van publieke-private vennootskappe binne staatsverkryging van infrastruktuur en die remedies beskikbaar in gevalle van dispute.

Buigsame assessering

14118-752 (30) Die Reg en Beleid van Verdedigingsverkryging (2L)

Die module ondersoek regulering van staatsverkryging in verdediging. Dit fokus op die verhouding tussen die verdedigingsektor, nasionale veiligheid en verdedigingsverkryging. Dit skenk aandag aan verdedigingsverkryging in Suid-Afrika en die unieke eienskappe en uitdagings daarvan.

Buigsame assessering

14115-713 (30) Internasionale Stelsels van Staatsverkrygingsreg (2L)

'n Inleiding tot die primêre internasionale instrumente van staatsverkryging, naamlik die UNCITRAL-model-wetgewing, die WHO se Government Procurement Agreement en die Wêreldbank se Staatsverkrygingsregulasies. Die module fokus op die ontwikkeling van begrip vir hoe internasionale regstelsels vir staatsverkryging funksioneer.

Buigsame assessering

14120-743 (30) Korrupsie en Staatsverkryging (2L)

'n Inleiding tot die aard, effek en tipologie van korrupsie in staatsverkryging. Die module ondersoek beide publieke- en privatesektor-korrupsie soos dit die proses van staatsverkryging beïnvloed, die meganismes wat gebruik word in staatsverkrygingsreg om korrupsie teen te werk en hoe effektief hierdie meganismes is.

Buigsame assessering

14121-751 (30) Staatsverkrygingsreg en -beleid in Suid-Afrika (2L)

'n Inleiding tot die reg en beleid van staatsverkryging in Suid-Afrika. Die module ondersoek die grondwetlike bepalings oor staatsverkryging, die beleidsraamwerk en die primêre wetgewing wat staatsverkryging op verskillende vlakke reguleer. Dit gee ook aandag aan hoe korrupsie in staatsverkryging in Suid-Afrika aangespreek word.

Buigsame assessering

5.4 LLM-programme

5.4.1 Departement Handelsreg

62596 – 872 (60) Handelsreg: Navorsingsprojek

10937 – 814 (60) Intellektuele Goedereg: Navorsingsprojek

12917 – 873 (60) Internasionale Handelsreg: Navorsingsprojek

11470 – 812 (30) Betaling en Waarborge in Internasionale Kontrakte (2L)

Betalingsinstrumente en waarborge in internasionale koop- en konstruksiekontrakte.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

12693 – 813 (30) Bemiddeling (2L)

Die teorie en praktyk van bemiddeling uit 'n regsoogpunt, inbegrepe die onderskeidende kenmerke van bemiddeling; voorbereiding vir doeltreffende bemiddeling; ontwerp en bestuur van die bemiddelingsproses; fasilitering van onderhandeling; bevordering van skikking; aanpassings van die bemiddelingsproses; etiese beperkings; nasionale wetgewing wat konsensuele bemiddeling bevorder.

1 vraestel van 4 tot 8 ure

10008 – 811 (30) Die Reg op Handelsmerke (2L)

Die beginsels van die Suid-Afrikaanse Reg op Handelsmerke met verwysing na wetgewing, regspraak en akademiese opinie. Die gemeenregtelike aspekte van onregmatige mededinging en die reg op klandisie. Verwante beginsels vir die internasionale beskerming van handelsmerke en buitelandse reg.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

13866 – 874 (30) Ekonomiese Perspektiewe van die Reg (2L)

Toepassing van ekonomiese ontleding (die teorieë en tegnieke) om regsreëls en remedies te ontleed. Deur sodanige toepassing kan insig bekom word oor die uitwerking wat regsinstellings soos die beskerming van outeursreg, handelsmerke of patente het.

1 vraestel van 3 tot 4 uur, 1 mondelinge aanbieding en/of 1 werkopdrag

12226 – 844 (30) Gelykheid in Diensverband (2L)

Die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1995 en die Wet op Diensbillikheid van 1998 verbied diskriminasie teen werknemers en brei die verbod uit ter beskerming van applikante vir werk. Laasgenoemde wet maak ook voorsiening vir regstellende aksie ten einde die nadele wat deur swart mense, vroue en gestremdes in die werkplek gely is reg te stel. Dit inaggenome, word die module in twee verdeel.

Die eerste deel fokus op die verbod op diskriminasie. Algemene vraagstukke soos die betekenis van diskriminasie, die struktuur van ŉ diskriminasie-eis, die verskil tussen direkte en indirekte diskriminasie, regverdiging asook bewysregtelike probleme sal ondersoek word. Aandag sal ook geskenk word aan sekere tipiese areas van aanwending van hierdie algemene beginsels, soos swangerskap, seksuele teistering en gelyke vergoeding.

Die tweede deel van die module fokus op regstellende aksie. Die Grondwet van Suid-Afrika is uniek deurdat dit uitdruklik vir regstellende aksie voorsiening maak. In dié verband word dikwels gesê dat die Suid-Afrikaanse Grondwet ŉ substantiewe of asimmetriese konsep van gelykheid onderskryf (in teenstelling met ŉ formele of simmetriese benadering tot gelykheid). Ten einde uitvoering aan die Grondwet te gee, plaas die Wet op Diensbillikheid ŉ verpligting op aangewese werkgewers om regstellende-aksie-maatreëls toe te pas om die nadele wat swart mense, vroue en gestremdes in die werkplek gely het reg te stel. Teen hierdie agtergrond sal nie net die benadering van Suid-Afrikaanse howe en arbiters tot die beleid en praktyk van regstellende aksie krities ondersoek word nie, maar sal die beginsels wat vasgestel is, oorweeg word in die lig van die grondwetlike verbintenis tot substantiewe gelykheid. Alhoewel die fokus van die module op Suid-Afrika is, sal internasionale en regsvergelykende perspektiewe ŉ belangrike rol speel.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

12484 – 815 (30) Geselekteerde Vraagstukke in Internasionale Arbeids- en Sosiale Sekerheidsreg (2L)

Hierdie is een van vier arbeidsregmodules wat aangebied word as deel van die gestruktureerde LLM program. Kundiges is van mening dat globalisering die swak bedingingsposisie van werknemers verder verswak het. Hierdie siening is gegrond op die feit dat multi-nasionale

maatskappye nie gebonde is aan geografiese grense nie en dat hulle dikwels gevestig word in lande waar arbeidstandaarde laag is. Hierdie maatskappye kan ook hulle produksie na ander lande uitkontrakteer. Dit kan lande wat desperaat is om beleggings te lok daartoe noop om hulle arbeid- en sosiale sekerheidstandaarde te verlaag. Dit kan 'n "resies na die laagste punt" teweegbring met ontwikkelende land wat met mekaar kompeteer vir beleggings deur multi-nasionale maatskappye wat die werklike supermagte in die era van globalisering geword het. In hierdie module sal ons kyk na verkillende wyses om hierdie negatiewe gevolge van globalisering by wyse van internasionale, streeks- en plaaslike arbeidstandaarde te bekamp. Maatreëls wat gefokus is daarop om kinderarbeid en die handel in mense te bekamp en om werknemers in atipiese diens te beskerm, sal bespreek word. Die onsekerheid oor watter arbeidsregstelsel van toepassing sal wees op die kontrakte van geglobaliseerde werknemers wat oor grense heen werk, sal ook ondersoek word. 'n Deel van die module sal handel oor sosiale sekerheidsreg, waar die fokus sal wees op Suid-Afrika as deel van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap. Die vergoeding van werkers wat aan diens beseer is of wat aan beroepsiektes ly en die regulering van pensioenfondse sal ondersoek word. Verder sal die onbevredigende posisie van trekarbeiders, veral ook met die eis van sosiale sekerheidsvoordele ná hulle terugkeer na hul lande van herkoms, bespreek word.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

14038 – 852 (30) Geselekteerde Vraagstukke in Kollektiewe Arbeidsreg (2L)

Die module komplementeer die drie ander LLM-modules in Arbeidsreg en fokus op spesifiek geselekteerde aspekte van kollektiewe Arbeidsreg, soos vryheid van assosiasie, kollektiewe bedinging (insluitende kollektiewe ooreenkomste en organiseringsregte), werkersdeelname, en stakings en uitsluitings. Alhoewel die module op Suid-Afrikaanse Arbeidsreg fokus, sal die materiaal vanuit 'n internasionale en vergelykende perspektief benader word.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

13802 – 812 (30) Gespesialiseerde Geskilbeslegtingsmetodes (2L)

'n Vergelykende ontleding van die regsaspekte van gespesialiseerde geskilbeslegtingsmetodes wat ontwerp is om spesifieke behoeftes in bepaalde velde aan te spreek, byvoorbeeld beregtiging in die konstruksiebedryf, hofverbonde bemiddeling om toegang tot geregtigheid te bevorder; pleitooreenkomste in die samehang met ernstige kommersiële misdaad; verpligte arbitrasie van arbeidsgeskille; die ombud in verband met finansiële dienste; geskille in verband met staatsverkryging; die WHO-geskilbeslegtingsmeganisme; gesinsbemiddeling.

Opmerking: Hoogstens ses van bogenoemde onderwerpe sal normaalweg in 'n bepaalde jaar behandel word, vasgestel na oorlegpleging met die betrokke studente.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

13951 – 845 (30) Gevorderde Maatskappyereg (2L)

Inleiding tot vergelykende maatskappyereg; maatskappystrukture en beginsels in Engels-regtelike sisteme (insluitende Suid-Afrika); maatskappystrukture en -beginsels in ander Europese regstelsels, veral Duitsland.

Korporatiewebestuurskwessies met voorbeelde uit Suid-Afrika en ander jurisdiksies; selfregulerende bestuurskodes; die invloed van die VSA se Sarbanes-Oxley Wet op korporatiewe bestuur wêreldwyd.

Verdere maatskappyregtelike capita selecta, byvoorbeeld die regulering van uitvoerende vergoeding.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

62510 – 814 (30) Indiensnemingsregte (2L)

Die wisselwerking van die drie hoofbronne van arbeidsreg en diensvoorwaardes, naamlik die Grondwet, wetgewing en die dienskontrak (soos beïnvloed deur kollektiewe ooreenkomste) word oorweeg. Teen die agtergrond van 'n oorsig van sodanige wisselwerking verskuif die fokus na die oorweging van gekose onderwerpe onder elk van die bronne. Alhoewel die module fokus op individuele arbeidsreg (d.w.s. die verhouding tussen die individuele werknemer en sy werkgewer), word die beginsels van kollektiewe arbeidsreg waar nodig ook gedek. Studente wat die module voltooi, sal nie net 'n goeie basiese begrip van Suid-Afrikaanse arbeidsreg verkry nie, maar sal ook 'n gevorderde begrip van belangrike vraagstukke in die individuele arbeidsreg (baie waarvan ook problematies in ander jurisdiksies is) verkry. Let daarop dat sommige onderwerpe, byvoorbeeld ontslag, diskriminasie asook die individuele regte wat kollektiewe arbeidsreg onderlê (soos vryheid van assosiasie en die reg om te staak), nie uitvoerig in hierdie module behandel word nie. Hierdie onderwerpe word noukeurig behandel in ander LLM-modules in die Arbeidsreg waartoe studente toegang het.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

11254 – 815 (30) Intellektuele Goedereregt (2L)

Die reg rakende intellektuele goedere, insluitend die beskerming van intellektuele goedere deur outeursreg, handelsmerk, patent en onregmatige mededinging. Die Suid-Afrikaanse regsposisie, soos vervat in relevante wetgewing en hofbeslissings, word behandel met verwysing na die reg in verskeie ander jurisdiksies in die lig van die internasionale verdrae wat op die gebied van toepassing is. Die reg in Engeland en Europa geniet besondere aandag, maar daar word ook verwys na hofbeslissings van die Verenigde State van Amerika, Kanada, Australië en Nieu-Seeland. Die module behandel ook kortliks die onderliggende grondslae van die verskillende vertakkinge van die intellektuele goedereregt sowel as die ekonomiese implikasies wat uit die intellektuele goedereregt voortvloei.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

62529 – 846 (30) Informasietegnologiereg (2L)

Die unieke regsprobleme wat voortvloei uit die gebruik van rekenaarstelsels en elektroniese kommunikasiemiddels. Dit konsentreer veral op die regsaspekte verbonde aan die ontwikkeling, verkryging en gebruik van rekenaarprogramme en databasisse (in besonder die immateriële goedereregte en aanspreeklikheidsaspekte daarvan), elektroniese handel en kontraksluiting, privaatheid en die beskerming van persoonlike inligting, rekenaarmisdade, elektroniese bewysmateriaal, die onderskepping van elektroniese pos en telekommunikasiereg. In die lig van die internasionale aard van die materiaal, word die Suid-Afrikaanse reg behandel teen die agtergrond van internasionale

ontwikkelings, insluitend dié van Europa (met spesifieke aandag aan die Verenigde Koninkryk) en die Verenigde State van Amerika.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

10935 – 811 (30) Intellektuele Goedereregin die Digitale Omgewing (2L)

Studie van plaaslike, streeks-, geselekteerde buitelandse en internasionale instrumente vir die erkenning en bestuur van intellektuele eiendom voortspruitend uit/verwant aan die digitale media. Aspekte van elektroniese databeskermingsmeganismes, digitaleregtebestuur, outeursreg en handelsmerke op die internet, ingeslote domeinnaam-administrasie en sleutelwoordreklame; regsbeskerming van rekenaarprogramme en webtuistes; siviele en strafregtelike aanspreeklikheid voortspruitend uit die skending van intellektuele goedereregte in digitale werke, ingeslote vervalsing en rowery; uitvoer van intellektuele goedereregte en oorgrensdatavloei.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

10468 – 843 (30) Internasionale Belastingreg (2L)

Die belastingimplikasies van oorgrens-transaksies word bestudeer. Onderwerpe wat gedek word, sluit in: bron en inwoner, eensydige belastingverligting, dubbelbelastingooreenkomste, oordragingprysing, dun kapitalisasie, sekere aspekte van doeane en aksyns, internasionale aspekte van die belasting van trusts en internasionale aspekte van die belasting van maatskappye, insluitend beheerde buitelandse maatskappye en dividende.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

54925 – 813 (30) Internasionale Kommersiële Arbitrasie (2L)

Die reg en praktyk insake die beslegting van internasionale handels- en investeringsgeskille deur arbitrasie, veral uit die perspektief van partye uit Suidelike Afrika en Europa.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

11468 – 842 (30) Internasionale Koopreg (2L)

Hierdie module handel oor internasionale koopreg en aanverwante aangeleenthede. Die volgende onderwerpe word hanteer: die struktuur van ŉ internasionale kooptransaksie en die konteks waarin dit funksioneer; onderskeidende kenmerke en probleme wat regsregulering vereis; die dokumentêre aard van die transaksie; handelsterme (met spesiale klem op die IHK se Incoterms 2000); die rol van die internasionale privaatreg; die ontwikkelende internasionale reg; die behoefte aan uniforme reg om internasionale kooptransaksies te reguleer, en die liggame betrokke by die formulering daarvan; ŉ oorsig van die struktuur en algemene kenmerke van die 1980- Weense Koopkonvensie (CISG) (Vienna Convention on the International Sale of Goods); faktore wat relevant is tot ŉ staat se besluit om tot die Konvensie toe te tree; kriteria wat die toepassing van die Konvensie bepaal; kontraksluiting in terme van die Konvensie; die substantiewe koopreg in terme van die Konvensie insluitende die verpligtinge en remedies van die partye; remediërende bepalings beskikbaar vir beide partye; uitsluiting van aanspreeklikheid en die oorgang van risiko; evaluering van die konvensie met verwysing na die behoeftes van die internasionale handel en die mate waartoe dit daarin slaag om ŉ balans te bewerkstellig tussen die uiteenlopende beginsels van die wêreld se belangrikste regstelsels.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

11810 – 825 (30) Korporatiewe Verkrygings (2L)

Hierdie module handel oor die regsaspekte van korporatiewe verkrygings en die regulasie van sulke transaksies. ŉ Groot gedeelte van die module word gewy aan verkrygings van publieke maatskappye en die regulasie daarvan deur die Sekuriteitereguleringskode vir Oornames en Samesmeltings. Alhoewel die module hoofsaaklik oor die Suid-Afrikaanse regsposisie handel, word daar verwys na en vergelykings gemaak met die regsposisie in die VK en die VSA.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

62553 – 847 (30) Mededingingsreg (2L)

In hierdie module word die Suid-Afrikaanse mededingingsreg uit ŉ vergelykende perspektief bestudeer. Die belangrikste jurisdiksies vir vergelyking is die Europese Unie en die Verenigde State, maar daar sal ook verwys word na die Duitse, Kanadese, Australiese en Britse reg. In die meeste regsisteme is die fokus van die mededingingsreg op die belang van verbruikers in produksie-, dinamiese en verdelende doeltreffendheid. Die eerste deel van die module evalueer die Suid-Afrikaanse mededingingsreg teen hierdie agtergrond. Die volgende deel het betrekking op die ekonomie van mededinging. Ekonomie is sentraal tot die oplossing van mededingingsprobleme en hierdie deel van die module beoog om aan die student basiese ekonomievaardighede te leer wat nodig is vir hierdie doel. Hierna word die jurisdiksie van mededingingsowerhede en die internasionale dimensie van mededingingsreg beoordeel. Dit word gevolg deur die sentrale deel van die module: die substantiewe mededingingsreg. Die reg aangaande horisontaal en vertikaal beperkende praktyke, misbruik van dominansie en samesmeltings word in besonderhede geëvalueer. Laastens sal ŉ kort analise gedoen word van die instellings wat verantwoordelik is vir die regulering van mededinging en die remedies wat beskikbaar is waar die reëls van die mededingingsreg geskend word.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

10009 – 811 (30) Outeursreg (2L)

Die beginsels van die Suid-Afrikaanse Outeursreg met verwysing na wetgewing, regspraak en akademiese opinie. Die bestek van outeursregbeskerming, eienaarskap van outeursreg, skending van outeursreg en moontlike verwere teen eise vir outeursregskending word in diepte bestudeer. Verwante beginsels vir die internasionale beskerming van outeursreg en morele regte word ook oorweeg.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

10934 – 811 (30) Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe (2L)

Die beginsels van die Suid-Afrikaanse Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe, met spesifieke verwysing na die prosedure vir verkryging van beskerming van 'n patent/ ontwerp, administrasie van regte, afwenteling, oordrag en herroeping van beskerming, toepaslike internasionale meganismes, en skending van regte.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

12763 – 842 (30) Regsaspekte van Wêreld- en Streekshandel (2L)

Hierdie module ondersoek internasionale regsbeginsels wat handel oor landsgrense heen reguleer. Ekonomiese teorieë rondom liberale internasionale handel word ook bestudeer. Die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) en die vernaamste ooreenkomste word behandel, waaronder die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel (AOTH), die Algemene Ooreenkoms insake Handel in Dienste (AOHD) en die Algemene Ooreenkoms insake Handel ten opsigte van Internasionale Intellektuele Regte (AOHII). Bogenoemde ooreenkomste bevat beginsels en meganismes wat internasionale handel reguleer. Institusionele ooreenkomste (bv. SAOG) word ook spesifiek behandel met klem op die posisie van Suid-Afrika. Konstitusionele aspekte ten opsigte van internasionale handelsverpligtinge word ook regsvergelykend verduidelik en bespreek

1 vraestel van 4 tot 8 uur

11469 – 812 (30) Seevervoer van Goedere (2L)

Die meeste goedere in internasionale handel word ter see vanaf die verkoper se land na die koper se land vervoer. Om hierdie rede vervul die seevervoer van goedere 'n belangrike rol in internasionale handel. 'n Verskeidenheid van kontrakvorme mag gebruik word vir die seevervoer van goedere en om die verpligtinge van partye te reguleer. Hierdie module ondersoek die verskillende tipes kontrakte vir die seevervoer van goedere en in die besonder reisbevragtingsooreenkomste, tydbevragtingsooreenkomste en vragbriewe.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

13371 – 815 (30) Volhoubare Ontwikkelingsreg (2L)

Die module bied insig in die betreklik nuwe dissipline van volhoubare ontwikkelingsreg. Hierdie regsgebied raak toenemend belangrik weens die gevolge van globalisering, beleggingsvloei en die liberalisering van internasionale handel. Daar word spesiaal aandag geskenk aan die fyn balans wat getref moet word tussen internasionale handel en ekonomiese groei, aan die een kant, en omgewingsbeskerming en maatskaplike geregtigheid, aan die ander kant. Ontwikkelingsuitdagings en geleenthede, omgewingsgevare en juridiese meganismes in reaksie op onvolhoubare

en onregmatige ontwikkelingspatrone sal vanuit die perspektief van ontluikende ekonomieë bespreek word. Hierdie breë temas word bespreek aan die hand van hedendaagse kwessies soos klimaatsverandering, grond- en waterbestuur, voedselsekerheid, vermorsings- en besoedelingsbeheer, bevolkingstendense en volhoubare energie. Aan die hand van 'n trans-dissiplinêre benadering sal die module krities asook regsvergelykend die relevante regsbeginsels, bronne en hofbeslissings vanuit 'n internasionale en Suid-Afrikaanse perspektief ontleed.

5.4.2 Departement Privaatreg

62618 – 872 (60) Privaatreg: Navorsingsprojek

11811 – 825 (30) Deeltitels in Regsvergelykende Perspektief (2L)

Die module bied 'n internasionale oorsig oor deeltitels (condominium, strata titles, propiedad horizontal, Wohnungseigentum, appartementeneigendom) wat betrekking het op residensiële, kommersiële, kantoor- en vakansie-deeltiteleenhede. Die rol van die ontwikkelaar in die vestiging van 'n deeltitelskema, die verkoop van toekomstige deeltiteleenhede vanaf bouplanne en die ontwikkeling van die skema in fases ten einde die oprigting van verdere fases te finansier, word bestudeer. Dit handel oor die onderverdeling van die grond en geboue in 'n deeltitelskema in dele, gemeenskaplike eiendom en uitsluitlike gebruiksgebiede en toon aan watter regte deeleienaars in elk van hierdie gedeeltes het. Dit wys op die belang van die deelnemingskwota in die bepaling van 'n deeleienaar se aandeel in die heffings om uitgawes te dek, sy aandeel in die gemeenskaplike eiendom en die waarde van sy stem in die algemene vergadering van die regspersoon. Dit dek ook die afdwing van finansiële en sosiale verpligtinge van eienaars om te verhoed dat die skema in 'n slum verval of in 'n gebou van twiste ontaard, veranderings en verbeterings en die belang van doeltreffende bestuur deur die regspersoon en trustees van die skema. Dit sluit af met die omskepping van huurwoonstelle na deeltitelwoonstelle. Dit bied 'n model waarteen studente deeltitelskemas in hul eie jurisdiksies kan evalueer.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

14016-863 (30) Gedwonge Migrasie en Kinderregte (2L)

In hierdie module sal studente aktief met sleutelkonsepte in die internasionale kinderreg soos wat dit in die konteks van interne en eksterne gedwonge migrasie toegepas word omgaan. Deelnemers aan die module sal verskeie klassifiserings van die gedwonge migrasie van kinders, insluitende asielsoekers, vlugtelinge, staatlose kinders, intern-verplaasde kinders, en kinders deur klimaatsverandering verplaas, krities analiseer. Terwyl die kwesbaarheid van hierdie groepe kinders nie geïgnoreer kan word nie, sal die materiaal in hierdie module op hul regte fokus, asook die verantwoordelikhede van sleutelrolspelers soos die Staat, internasionale organisasies, nie-regeringsorganisasies, humanitêre organisasies, gewapende groepe en ander nie-regeringsrolspelers.

13624 – 811 (30) Gevorderde Kontraktereg (2L)

Hierdie module hanteer belangrike temas in die kontraktereg en verwante regsgebiede op ŉ gevorderde vlak. Die teikengehoor is plaaslike en buitelandse studente wat belangstel in die kontraktereg, en veral in nasionale kontrakteregreëls wat van toepassing kan wees op internasionale kommersiële kontrakte. Na ŉ kort oorsig oor regsvergelyking en benaderings tot die kontraktereg in internasionale regstradisies, regstelsels en modelreëls, skuif die fokus na ŉ verskeidenheid spesifieke onderwerpe wat betrekking het op die totstandkoming van kontrakte, hul werking, vorme van kontrakbreuk en remedies. Hierdie onderwerpe sluit tipies die volgende in: kontraktering by wyse van standaardbedinge; onderliggende kontraktuele beginsels en waardes (byvoorbeeld outonomie en goeie trou); die geldigheid van sekere bedinge (byvoorbeeld bedinge ter inperking van handelsvryheid en uitsluitingsbedinge); die invloed van onmoontlikheid en hardvogtigheid op aanspreeklikheid; en kontraktuele remedies, soos spesifieke nakoming en terugtrede weens kontrakbreuk. Aandag word ook geskenk aan verwante vraagstukke in die deliktereg (byvoorbeeld die verhouding tussen kontraktuele en deliktuele aanspreeklikheid, en produkaanspreeklikheid). Oorweging word verder gegee aan die beginsels wat bepaal watter nasionale regstelsel van toepassing kan wees op ŉ internasionale kommersiële kontrak.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

62537 – 843 (30) Internasionale Reg en Kinderregte (2L)

Hierdie module behels ŉ studie van die belangrikste internasionale dokumente rakende kinders en hul regte. Die volgende aspekte word bestudeer: die status van inter-nasionalekinderregte-dokumente in Suid-Afrika; die Verenigde Nasies se Konvensie op die Regte van die Kind; die Afrika-handves op die Regte en die Welsyn van die Kind; die Haagse Konvensie op Internasionale Aannemings en Kinders in Gewapende Konflik.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

62634 – 814 (30) Trustreg (2L)

Die oorsprong, aard en ontwikkeling van die trust; die trust in regsvergelykende perspektief; die skepping van ŉ trust en die vereistes vir ŉ geldige trust; die regsposisie van die trustee; trust-administrasie; die regsposisie van die trustbegunstigde; die wysiging, herroeping en beëindiging van trusts; verskillende trusttipes; die trust en belasting-aspekte; uitdagings en veranderings in die trustreg.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

13865 – 874 (30) Wêreldwye Litigasie (2L)

Hierdie module verskaf begrip van hoe die wêreldwye dimensie van hoërisiko-, komplekse dispute die partye en hul regsverteenwoordigers se strategieë, asook regters se besluite, beïnvloed.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

5.4.3 Departement Publiekreg

62626 – 872 (60) Publiekreg: Navorsingsprojek

14097 – 852 (30) Forensiese Reg (2L)

'n Inleiding tot Forensiese Reg vir regstudente. Die module fokus veral op die proses en diagnose van die dood vir doeleindes van geregtelike geneeskunde; nadoodse liggaamsveranderinge; die basiese beginsels van identifikasie (insluitende DNA-bewysmateriaal en vingerafdrukke); die medies-geregtelike interpretasie van eksterne kragte op die menslike liggaam; anoksie/asfiksie; hitte-, elektriese en bestralingswonde; wonde veroorsaak deur vuurwapens en plofstowwe; toksikologie (insluitende koolstofmonoksiedvergiftiging en intoksikasie d.m.v. alkoholinname). Die toepaslike prosedurele en bewysregtelike reëls en beginsels omtrent deskundige getuienis sal ook bestudeer word. Die module sal afsluit met 'n inleiding tot openbare gesondheid en menseregte en 'n studie van bepaalde onderwerpe gefokus op openbaregesondheidsorg.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

62545 – 812 (30) Internasionale Strafreg (2L)

Hierdie module behels 'n studie van sowel substantiewe as prosedurele kwessies in die ontwikkelende stelsel van Internasionale Strafreg. Ter inleiding word daar gekyk na die bronne van en basiese beginsels onderliggend aan internasionale strafreg. Ten einde die substantiewe onderwerpe te bespreek, word 'n capita selecta van belangrike internasionale misdade soos aggressie, oorlogsmisdade, misdade teen die mensdom, en volksmoord ondersoek. Daar word verder gekonsentreer op sommige van die transnasionale misdade soos geldwassery en korrupsie. Prosedurele onderwerpe word aangespreek deur ondersoek in te stel na die mees belangrike aspekte van direkte en indirekte toepassing van internasionale strafreg. Vir hierdie doel word internasionale tribunale, en meer spesifiek die Internasionale Strafhof bestudeer. Daar word aandag gegee aan die toepassing van internasionale strafreg op nasionale vlak d.m.v. nasionale regstelsels.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

55980 – 852 (30) Mediese Reg (1L)

Die mediese professie en die reg het 'n besondere noue verbintenis. Die LLM-module in Mediese Reg sal dus fokus op hierdie unieke en wederkerige verhouding deur die regsbeginsels te ondersoek wat van toepassing is op die verskaffing van mediese sorg, die lewering van gesondheidsorgdienste en die regulering van die mediese professie en ander rolspelers in die algemeen. Dit sal vanuit 'n regsvergelykende perspektief aan die hand van die volgende temas, onder andere, gedoen word: die Grondwet en die Mediese Reg, die regulering van die mediese professie en gesondheidsorgsisteme, insluitend die voorgestelde Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) vir Suid-Afrika. Die verhouding tussen verskaffers van gesondheidsorgdienste en pasiënte sal ondersoek word met verwysing na die kontraktuele en fidusiêre aard van hierdie verhouding, sowel as die bydrae van ander rolspelers en instansies in die konteks van georganiseerde gesondheidsorg. Die strafregtelike en deliktuele aanspreeklikheid van diensverskaffers sal ook bespreek word. Laastens sal die regsbasis van mediese ingrypings behandel word – in die besonder sal aandag gegee word aan die verpligtinge en regte van verskillende rolspelers, nooddienste, ingeligte

toestemming, terapeutiese en nieterapeutiese ingrypings, sowel as die verhouding tussen spesifieke bepalings van die Strafproseswet 51 van 1977 en geestesgesondheidsorg.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

12480 – 843 (60) Regulering van Staatsverkryging (2L)

'n Gevorderde studie van onderwerpe soos internasionale en vergelykende staatsverkrygingsregulering; die gebruik van reguleringstegnieke om korrupsie en belangekonflik aan te spreek; die gebruik van staatsverkryging om transformasie en ontwikkeling te bevorder, insluitende omgewingsbewaring; reëls vir die deelname van buitelandse verskaffers aan die toeken van staatskontrakte in Suid-Afrika; die stand van staatsverkrygingsreg in Suid-Afrika in verhouding met deelname aan vryehandelsooreenkomste; staat-privatesektor-vennootskappe; verdedigingsverkryging; elektroniese verkryging.

1 vraestel van 4 tot 8 uur

Bylaag 1

Slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes vir voorgraadse programme

- **S** – Slaagvoorvereiste module
  - ’n Slaagvoorvereiste module is ’n module wat jy eers moet slaag voordat jy die module(s) waarvoor dit ’n slaagvoorvereiste is, kan volg.
- **V** – Voorvereiste module
  - ’n Voorvereiste module is ’n module waarin jy ’n klaspunt van minstens 40, of ’n prestasiepunt van minstens 40 in die geval van ’n module wat buigsaam geassesseer word, moet behaal voordat jy die studie in die module waarvoor dit ’n voorvereiste is, mag voortsit.
- **N** – Newevereiste module
  - ’n Newevereiste module is ’n module wat jy vóór of in dieselfde akademiese jaar moet volg as die module waarmee dit verband hou.

ADMINISTRATIEFREG	411	S V	Staatsreg 271 Staatsreg 312
BELASTINGREG	411	N	Handelsreg 471
BELASTINGREG	441	V	Belastingreg 411
BELASTINGREG	442	V	Belastingreg 411
BEWYSREG	471	S V	Staatsreg 271 Strafprosesreg 271
HANDELSREG	311	N	Privaatreg 372
HANDELSREG	312	N	Privaatreg 372
HANDELSREG	441	V	Handelsreg 311
HANDELSREG	442	N	Privaatreg 372 Siviele Prosesreg 371
HANDELSREG	443	N S	Handelsreg 471 Privaatreg 372
HANDELSREG	444	S	Privaatreg 372
HANDELSREG	448	S V	Privaatreg 372 Siviele Prosesreg 371
HANDELSREG	449	S	Privaatreg 372
HANDELSREG	471	V	Privaatreg 372, Handelsreg 311, 312
INTERNASIONALE PRIVAATREG	451	V	Privaatreg 372, 373
INTERNASIONALE REG	341	V	Staatsreg 271
INTERNASIONALE REG	451	V	Internasionale Reg 341

OMGEWINGSREG	451	S	Internasionale Reg 341, Administratiefreg 411
PRAKTIESE REGSOPLEIDING	471	S S	Siviele Prosesreg 371 Privaatreg 372, 373
PRIVAATREG	171	N	Inleiding tot die Reg 171
PRIVAATREG	272	S V N	Privaatreg 171 Inleiding tot die Reg 171 Privaatreg 273
PRIVAATREG	273	S V N	Privaatreg 171 Inleiding tot die Reg 171 Privaatreg 272
PRIVAATREG	372	S S V N	Inleiding tot die Reg 171 Privaatreg 272, 273 Romeinse Reg 271 Staatsreg 271, Privaatreg 373
PRIVAATREG	373	S S V N	Inleiding tot die Reg 171 Privaatreg 272, 273 Romeinse Reg 271 Staatsreg 271, Privaatreg 372
PRIVAATREG	411	S	Privaatreg 372
PRIVAATREG	451	S	Privaatreg 272
PRIVAATREG	452	S	Privaatreg 272
PRIVAATREG	453	S	Privaatreg 372
PRIVAATREG	454	S	Privaatreg 372
PRIVAATREG	455	S	Privaatreg 373
PRIVAATREG	457	S	Privaatreg 272
REGSFILOSOFIE	451	V	Regsfilosofie 341
REGSVAARDIGHEDE	411	V	Privaatreg 372, 373
ROMEINSE REG	271	N	Privaatreg 272, 273
SIVIELE PROSESREG	371	S	Privaatreg 171
STAATSREG	271	V	Inleiding tot die Reg 171 (uitgesonderd nagraadse driejaar-LLB-studente)
STAATSREG	312	S	Staatsreg 271
STAATSREG	451	S	Staatsreg 271, Administratiefreg 411
STAATSVERKRYGINGSREG	451	S	Privaatreg 372 Administratiefreg 411
STRAFPROSESREG	271	V	Strafreg 171
STRAFREG	451	S	Strafprosesreg 271
UITLEG VAN WETSTEKSTE	211	V N	Inleiding tot die Reg 171 (uitgesonderd nagraadse driejaar-LLB-studente) Staatsreg 271

Alfabetiese Lys van Voor- en Nagraadse Vakke

Hierdie lys dui aan waar in die hoofstuk “Vakke, Modules en Module-inhoude” jy ’n bepaalde modulebeskrywing kan naslaan.

Administratiefreg
411 58
Afdwinging van Staatsverkryging
712 66
Basiese Beginsels van Inkomstebelastingreg
711 63
Belastingreg
411, 441, 442 49–50
778 63–64
Beleid en Staatsverkrygingsreg
711 66
Bemiddeling
813 67
Betaling en Waarborge in Internasionale Kontrakte
812 67
Bewysreg
471 59
Brief van Beswaar: Hoofde van Betoog
725 64
Deeltitels in Regsvergelykende Perspektief
825 74
Die Reg en Beleid van Staatsverkryging van Infrastruktuur in Suid-Afrika
741 66
Die Reg en Beleid van Verdedigingsverkryging
752 66
Die Reg op Handelsmerke
711 64
Ekonomiese Perspektiewe van die Reg
712 65
874 68
Forensiese Reg
852 76
Gedwonge Migrasie en Kinderregte
863 74

Gelykheid in Diensverband
844 68
Geselekteerde Vraagstukke in Internasionale Arbeids- en Sosiale Sekerheidsreg
815 68
Geselekteerde Vraagstukke in Kollektiewe Arbeidsreg
852 69
Gespesialiseerde Geskilbeslegtingsmetodes
812 69
Gevorderde Inkomstebelastingreg
721 64
Gevorderde Kontraktereg
811 75
Gevorderde Maatskappyereg
845 69
Handelsreg
311, 312, 441–449, 471 50–52
Handelsreg: Navorsingsprojek
872 67
Indiensnemingsregte
814 70
Informasietegnologiereg
846 70
Inheemse Reg
171 53
Inleiding tot die Reg
171 54
Intellektuele Goedereg
441 53
778 64–66
815 70
Intellektuele Goedereg in die Digitale Omgewing
711 65
811 71
Intellektuele Goedereg: Navorsingsprojek
714 66
814 67
Internasionale Belastingreg
762 64
843 71
Internasionale Handelsreg: Navorsingsprojek
873 67

Internasionale Kommersiële Arbitrasie
813 71
Internasionale Koopreg
842 72
Internasionale Privaatreg
451 53
Internasionale Reg
341, 451 59
Internasionale Reg en Kinderregte
843 75
Internasionale Stelsels van Staatsverkrygingsreg
713 67
Internasionale Strafreg
812 76
Korporatiewe Verkrygings
825 72
Korrupsie en Staatsverkryging
743 67
Mededingingsreg
711 65
847 72
Mediese Reg
852 76
Omgewingsreg
451 60
Outeursreg
711 65
811 73
Patentereg en die Reg op Geregistreerde Ontwerpe
711 65
811 73
Praktiese Regsopleiding
471 54
Privaatreg
171, 272, 273, 372, 373, 411, 441, 451–455, 457 54–58
Privaatreg: Navorsingsprojek
872 74
Publiekreg
451 59
Publiekreg: Navorsingsprojek
872 76

Reg op Handelsmerke
811 ... 68
Regsaspekte van Belasting op Geskenke, Boedelbelasting en Boedelbeplanning
722 ... 64
Regsaspekte van Belasting op Toegevoegde Waarde en Hereregte
725 ... 64
Regsaspekte van Wêreld- en Streekshandel
842 ... 73
Regsfilosofie
341, 451 ... 60
Regsvaardighede
411 ... 58
Regulering van Staatsverkryging
843 ... 77
Rekeningkunde vir Regstudente
441 ... 53
Romeinse Reg
271 ... 58
Seevervoer van Goedere
812 ... 73
Siviele Prosesreg
371 ... 58
Skryfvaardighede
171 ... 60
Staatsreg
271, 312, 451 ... 61–62
Staatsverkryging en -regulering
778 ... 64–66
Staatsverkrygingsreg
451 ... 62
Staatsverkrygingsreg en -beleid in Suid-Afrika
751 ... 67
Strafprosesreg
271 ... 63
Strafreg
171, 451 ... 62
Trustreg
814 ... 75
Uitleg van Wetstekste
211 ... 63
Volhoubare Ontwikkelingsreg
815 ... 73

Wêreldwye Litigasie

874..... 75